# LAERSKOOL WIERDAPARK
## *POLICY & PROCEDURE*
## LEARNER CODE OF CONDUCT OF LAERSKOOL WIERDAPARK



## Dokumentontwikkeling en Goedkeuring

| Verantwoor-delikheid | Detail | Naam | Handtekening | Datum |
|---|---|---|---|---|
| Goedgekeur: | Voorsitter: Beheerliggaam | C. Van Rooyen | | 6-8-24 |
| Goedgekeur: | Hoof en Beheerliggaamslid | Y. Wilken | | 6-8-24 |
| Goedgekeur: | Adjunkhoof en Beheerliggaamslid | F. Bosman | | 6-8-24 |
| Goedgekeur: | Beheerliggaamslid | J le Roux | | 6-8-24 |
| Goedgekeur: | Beheerliggaamslid | J. Engelbrecht | | 6-8-24 |
| Goedgekeur: | | | | |
| | | | | |
| Gepubliseer | In Beleidslêer | | | |
| | Op webwerf | | | |
| | Gekommunikeer | | | |

| Weegawe No | Datum | Beskrywing |
|---|---|---|
| Finaal | 1 Julie 2024 | Opgedateer en goedgekeur |
| Weergawe | 3 Sept. 2020 | Opgedateer en goedgekeur |
| Weergawe | 3 Sept. 2021 | Opgedateer en goedgekeur |
| Weergawe | 9 Maart 2020 | Opgedateer en goedgekeur |
| Weergawe | 16 Nov.2016 | Opgedateer en goedgekeur |
| Weergawe | | |

# INHOUDSOPGAWE

1. Naam Van Die Skool ........ 3
2. Inleiding ........ 3
3. Doel Van Die Leerdergedragskode ........ 4
4. Woordomskrywings En Akronieme ........ 5
5. Toepassingsbestek Van Die Beleid ........ 15
6. Wetsraamwerk ........ 15
7. Beleide En Provinsiale Omsendskrywes ........ 16
8. Beleidstellings ........ 17
9. Dissiplinêre Prosedures ........ 42
10. Meriete- En Demerietestelsel ........ 44
11. Bewaring En Bekendstelling Van Die Leerdergedragskode ........ 45
12. Interpretasie ........ 46
13. Wysiging ........ 46
14. Kort Titel En Aanvangsdatum ........ 46
15. Bylae ........ 46

## 1. NAAM VAN DIE SKOOL

Laerskool Wierdapark

## 2. INLEIDING

2.1 Laerskool Wierdapark is 'n openbare skool wat ingevolge artikel 12, saamgelees met artikel 52 van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), beheer word deur die skoolbeheerligaam ingevolge artikel 16 van die Skolewet. Die Leerdergedragskode vloei voort uit die visie en missiestelling van die skool en vorm die agtergrond waarteen die Leerdergedragskode en reëls vir leerders van die skool gesien en verstaan moet word.

2.2 Ingevolge artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No 84 van1996) word bepaal dat die Skoolbeheerliggaam van die skool 'n gedragskode vir leerders moet saamstel en toepas en dat geen leerder vrygespreek is van enige bepalings van sodanige Leerdergedragskode nie. Om die Leerdergedragskode vir die skool daar te stel, het die Skoolbeheerliggaam met die ouers, leerders en opvoeders van die skool betreffende die inhoud van die Leerdergedragskode gekonsulteer en is die Leerdergedragskode aanvaar vir implementering in die skool.

2.3 Vir die doeleindes van die Leerdergedragskode word daar 'n duidelike onderskeid tussen die konsepte "dissipline" en "sanksie" getref. Dissipline gaan oor positiewe gedragsbeheer wat ten doel het om toepaslike gedrag te bevorder en selfdissipline en selfbeheer in leerders te ontwikkel. Sanksie is slegs een aspek van dissipline, d.w.s. 'n korrektiewe maatreël wat opgelê word aan 'n leerder wat oortree en die gevolge van sy/haar wangedrag moet dra om sodoende die ordelike samelewing van die skool te handhaaf.

2.4 Die eienskappe van dissipline kan soos volg opgesom word:

a. Dissipline word gebruik om orde te skep. Dit funksioneer binne 'n sfeer van wetgewing waaraan voldoen moet word deur die skool. Die adminstrasie van dissipline verseker dat die daaglikse optredes en gedrag van leerders georden is.

b. Dissipline sorg vir regverdigheid. Alle partye in die skoolopset se belange en regte word op 'n regverdige wyse beskerm en vooropgestel in alle sake wat leerders raak.

c. Dissipline beskerm die leerders. In 'n ordelike opvoedkundige omgewing beskerm dissipline leerders teen onwettige en ongedissiplineerde optrede van medeleerders.

d. Dissipline dra by tot die geestelike groei van elke leerder. Binne die konteks van opvoeding en onderrig verwys dit na die ontwikkeling en leiding aan leerders tot volwassenheid en om geestelik en verstandelik te groei.

e. Dissipline is toekomsgerig omdat dit die leerder voorberei vir integrasie en ontwikkeling om 'n toekomstige beroep suksesvol te kan beoefen.

f. Dissipline is primêr gerig op korrektiewe gedrag en nie om vergeldend te wees nie. Dit moet positief bydra tot die leerder se geestelike, verstandelike en morele ontwikkeling.

2.5 Ouers en betrokkenes moet in gedagte hou dat norme verander en reëls van tyd tot tyd hersien moet word. Enige veranderinge sal tydens saalbyeenkomste aan leerders gekommunikeer word. Die beginsel is dus dat 'n leerder van die skool ten alle tye 'n aanwins vir sy/haar ouers, sy/haar skool en die gemeenskap sal wees.

2.6 Vir skooldissipline en opvoedergesag is dit uiters noodsaaklik dat die ouergemeenskap die skool sal bystaan, die gesagsfigure en strukture van die skool sal ondersteun en positief sal saamwerk. Die skoolbeheerliggaam beklemtoon juis die vennootskap tussen ouer, personeel en kind. Die skool het egter die ondersteuning van elke ouer nodig in hierdie verband – in die "Guidelines For The Consideration Of Governing Bodies In Adopting a Code Of Conduct For Learners" word dit duidelik gestel dat die ouers of voogde die uiteindelike verantwoordelikheid vir leerders se gedrag dra, en dat daar van hulle verwag word om die skool te ondersteun en van hulle kinders te verwag om alle skoolreëls en -regulasies te gehoorsaam.

## 3. DOEL VAN DIE LEERDERGEDRAGSKODE

3.1 Die doel van die Leerdergedragskode is om die aanvaarbare gedrag van leerders te bepaal ten einde die integriteit en die veiligheid van elke leerder en alle persone van die skoolgemeenskap te beskerm. Die Leerdergedragskode het ten doel om 'n kultuur van respek, verdraagsaamheid en versoening onder leerders, opvoeders, ouers en ander volwassenes in diens van die skool te bevorder. Verder streef die skool daarna om lewensvaardighede, selfdissipline, voorbeeldige gedrag en volwassenheid by leerders te kweek. Daar word van elke leerder verwag om in die daaglikse handel en wandel gedrag te openbaar wat die skool se goeie naam en eer te alle tye bevorder.

3.2 Elke leerder van die skool is onderhewig aan die Leerdergedragskode ingevolge artikel 8(4) van die SASW, tensy die Skoolbeheerliggaam 'n uitsondering toestaan.

3.3 Die Leerdergedraskode verswak nie die gesag van die hoof of enige opvoeder van die skool ten opsigte van die toepassing van dissipline nie.

3.4 Die Leerdergedragskode het ten doel :

a. Om te verseker dat geen leerder op 'n onwettige en onregverdige wyse behandel word nie en dat al die regte van ander ook op die selfde wyse beskerm word.

b. Om 'n gesamentlike en samehorige kultuur van verdraagsaamheid onder leerders en opvoeders te bevorder.

c. Om te verseker dat administatiewe prosedures en dissiplinêre prosesse duidelik omskryf word en regverdige en billike prosedures gevolg word met die hantering van elke leerder sodat elkeen die kans gegun om aangehoor te word, met dien verstande dat die prosesse/prosedures nie misbruik mag word om die dissiplinêre prosesse te omseil om misbruik mag word deur kwaadwillige en versteurende gedrag gedurende die prosedures nie.

d. Om riglyne daar te stel vir aanvaarbare standaarde van gedrag vir alle leerders.

e. Om die regte en verantwoordelikhede van leerders te omskryf.

f. Om die gevolge van oortredings vir leerders te bepaal. Oortredings wat as minder ernstig geklasifiseer word of wat nie formele dissiplinêre optrede vereis nie, kan deur 'n opvoeder aangespreek word sonder die toestemming van die hoof en/of dissiplinehoof. Informele dissiplinêre optrede word gewoonweg nie teen die leerder aangeteken nie, maar in sekere gevalle sal ouers steeds betrek word. Indien daar 'n herhaalde patroon van oortredings gevestig is, kan dit in die leerder se demerieterekord aangeteken word.

g. Om die prosesse wat gevolg moet word vir dissiplinêre optredes teen leerders wat versuim om dit na te kom te bepaal en omskryf.

## 4. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME

### 4.1 Woordomskrywings

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Afknouery/<br>Boeliegedrag/<br>Kuberboelie | Boeliegedrag is 'n voortdurende en doelbewuste magsmisbruik in verhoudings deur herhaalde fisieke, verbale en/of sosiale gedrag wat bedoel is om sosiale, fisieke en of sielkundige skade te berokken.<br>Dit kan 'n individu of 'n groep wees wat hul mag misbruik, of gewaande mag, oor een of meer persone wat voel hulle is nie in staat om dit te voorkom nie.<br>Boeliegedrag kan persoonlik of digitaal plaasvind en op verskillende elektroniese platforms en toestelle.<br>Dit kan openlik of in die geheim plaasvind.<br>Boeliegedrag sluit in: geskrewe, aanlyn, digitale of enige elektroniese bewerings en/of lasterlike opmerkings, direkte verbale opmerkings/aksies wat die effek het om 'n leerder fisies of geestelik leed aan te doen in enige formaat, of 'n leerder se besittings te beskadig, of om 'n leerder fisies aan te rand, te dwing om enige bedwelmende middel in te neem, af te pers vir geld of enige ander besitting, of om die leerder in 'n staat van vrees te plaas vir enige rede, en/of die leerder se welstand só te beïnvloed dat hy/sy nie normaal in die skoolopset kan funksioneer nie<br>Boeliegedrag word met verloop van tyd herhaal of kan herhaal word. |
| Alkoholiese drank/<br>Verbode middel | a. enige onwettige middel wat 'n psigologiese of fisiologiese uitwerking het; en/of<br>b. enige middel wat sodanige effek het en wat in onwettige besit is; en/of<br>c. enige onwettige bedwelmende of verdowende middel |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Aanranding/ Dreig om 'n ander aan te rand of leed aan te doen | Daadwerklike of dreigende optrede van enige persoon teenoor enige ander persoon, wat enige vorm van besering, hetsy verbaal, fisies en/of psigies insluit. In gevalle van dreigemente kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van gebaar en of elektronies oorgedra word. Alle vorms (fisiek/verbaal/digitaal/elektronies) van afknouery/fisiese of verbale bakleiery en/of teistering/ boelie/intimidasie/kuberboelie/dreigemente van enige aard/afpersing en ander soortgelyke optrede sal as aanranding beskou word. |
| Aanstelling van 'n tussenganger | Wanneer dissiplinêre verrigtinge voor enige Skoolbeheerliggaam hangende is en dit vir sodanige Skoolbeheerliggaam voorkom dat dit 'n getuie onder die ouderdom van 18 jaar aan onbehoorlike geestelike spanning of lyding sal blootstel indien hy of sy tydens die verrigtinge getuienis lewer, kan die beheerliggaam, indien moontlik, 'n bevoegde persoon as tussenganger aanstel ten einde die getuie in staat te stel om sy of haar getuienis deur daardie tussenganger te lewer. |
| Bedrog | Bedrog is die onregmatige en opsetlike maak van 'n wanvoorstelling wat ware nadeel of potensiële nadeel vir 'n ander veroorsaak. |
| Die Beginsel van die Waarskynlikheidsteori e | Beteken dat die dissiplinê komitee alle weergawes van gebeure en aantygings oorweeg en dan besluit op grond van die waarskynlikste weergawe onder die omstandighede of die persoon skuldig is/onskuldig is (50% + 1 is skuldig 50% - 1 is onskuldig). |
| Behoorlike (regverdige) proses | Bepalings van 'n behoorlike regsproses in die Leerdergedragskode om die belange van die leerder en enige ander party wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, te beskerm. |
| Besit | Daadwerklike besit en/of in beheer van enige artikel, voorwerp, onwettige middel. Dit beteken ook die besit van enige beeld, klankopname, video, foto, prent en ander elektroniese skepping wat gestoor is of op die geheue/elektroniese rekords is van enige digitale toestelle/ selfoon/elektroniese toestel. |
| Brandstigting | Die opsetlike en onwettige handeling om ander se eiendom/plantegroei/vaste eiendom aan die brand te steek deur enige voorwerp of enige vloeistof of materiaal te gebruik. |
| By die skool/op die skoolterrein | Word gedefineer as waar 'n leerder teenwoordig is in 'n klaskamer, enige ander lokaal van die skool, op 'n ander plek op die skoolgrond, op 'n skoolvervoermiddel of ander voertuig, tydens enige skoolaktiwiteit of skoolondersteunde aktiwiteit, enige aktiwiteit wat nie op die skoolterrein plaasvind nie, tydnes of buite skooltyd, geklee of nie geklee in skooluniform |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | of enige tyd waar 'n leerders as 'n ingeskrewe leerder van die skool geïdentfiseer kan word, selfs waar sodanige leerder se afbeelding op enige sosiale platform verskyn of hy/sy geïdentifiseer kan word op 'n sosiale media platform of enige negatiewe plasing op 'n sosiale media platform gemaak het. |
| Dag/Dae | Dae van die week, uitgesluit Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en enige skoolvakansies. |
| Digitale toestelle/ selfoon/elektroniese toestel | Enige mobiele toetstel wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te stuur deur seine of inligting voorgestel deur syfers en/of enige digitale beelde, video's, foto's en klank kan opneem en versend. |
| Dispuutbeslegtingskomitee | 'n Komitee wat deur die Skoolbeheerliggaam aangestel is om oor dispute rakende die vertolking van die Leerdergedragskode tussen leerders en opvoeders te besleg. |
| Dissiplinêre komitee | 'n Komitee wat deur die Skoolbeheerliggaam aangestel is om 'n aanklag van beweerde ernstige wangedrag wat teen 'n leerder/leerders aanhangig gemaak is, te besleg en om te besluit oor 'n sanksie wat aan sodanige leerder(s) opgelê word. |
| Dissiplinehoof/ Ondersoeker | 'n Bevoegde persoon, skriftelik aangestel deur die hoof, wat 'n bewering of vermoede van ernstige wangedrag mag ondersoek en wat ook as aanklaer gedurende 'n dissiplinêre verhoor mag optree en 'n klagstaat vir die hou van 'n dissiplinêre verhoor teen 'n leerder mag opstel en aan die leerder en sy/haar ouers mag oorhandig. |
| Distrikskantoor | Die Distrikskantoor van die Department in die onderwysdistrik waarin die skool geleë is. |
| Distriksdirekteur | Die beampte van die Department van verantwoordelik vir die administrasie van onderwys in die betrokke distrik waaronder die skool toegewys is. |
| Department | Beteken die Gauteng Department van Onderwys, tensy anders aangedui |
| Dokumentasie/Dokumente/ Dokumentêre Bewyse | Dokumentasie/dokument sluit die volgende in:<br>a. Enige dokument van die skool<br>b. Notas of briewe van ouers<br>c. Mediese sertifikate van mediese praktisyns<br>d. Notas, briewe en verslae van 'n leerder<br>e. Aantekening en tekeninge van die persoon wat die bewerings van 'n klagte ondersoek of wat die klag indien<br>f. Enige ander vorm van inligting/bewyse of bewyse wat gebruik kan word om die klag te verifieer. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | g. Enige ander inligting vervat oor die leerders betrokke, wat op enige lêer in geskrewe of elektroniese formaat voorkom<br>h. Gedragsverslae en debietpunte verslae<br>i. Verslae van leerders oor wangedarg van ander<br>j. Verslae van opvoeders oor 'n leerder se gedrag<br>k. Enige ander dokument, foto, tekening, voorstelling in enige formaat wat ook enige skildery kan insluit |
| Drag en Voorkoms | Beteken die bepaalde skooldrag en voorkomsbeleid van die skool waaraan alle leerders moet voldoen tensy die Skoolbeheerliggaam 'n uitsondering vir 'n bepaalde leerder goedgeur het. Verder beteken dit aanvaarbare kleredrag en voorkoms van elke leerder van die skool, (bv.hare, juweliersware, grimering, tatoermerke, ens) waaraan alle leerders moet voldoen, tensy afwykings volgens die BL vir individuele leerders is goedgekeur. |
| Dwelms/<br>Dwelmmisbruik | Dwelmmisbruik verwys na die gebruik van enige chemiese stof van plantaardige herkoms of enige sintetiese stof met die potensiaal van misbruik, insluitend (maar nie beperk nie tot): kokaïen, Ibuprofen, dagga, heroïen, LSD, ecstasy, alkohol, tabak, eetlusdempers, kafeïenpille, dieetpille, kodeïen of ander pynstillers of vloeistowwe, hoesmengsels, beheerde stowwe, verdunner, kalmeermiddels, enige geskeduleerde medisyne en patente medisyne, kruie en sintetiese dwelms, hoesmengsels, kodeïen, opioïede en ander. Dit sluit in enige bogenoemde stof in enige vorm (vaste stof, vloeistof of gas of gemengde vorm) of enige verpakking. Dit verwys ook na die ongemagtigde gebruik van enige chemiese stof wat lei tot die verswakking van die geestelike, emosionele of fisiese toestand van 'n individu se psigiese en liggaamlike welvaart en rasionele optrede en denke wat beïnvloed is of word en sodoende die normale optrede en denke aantas. |
| Leerdergedragskode | Hierdie dissiplinêre gedragskode en reëls van die skool |
| Gevaarlike voorwerp/<br>Wapen | Sluit in:<br>a. enige springstof of plofbare toestel;<br>b. enige vuurwapen of gaswapen;<br>c. enige artikel, voorwerp, stomp voorwerp of instrument wat gebruik kan word om 'n persoon liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om 'n persoon tydelik te verlam of bewusteloos te laat; of<br>d. enige voorwerp wat die Minister deur kennisgewing in die Staatskoerant ingevolge die Skolewet tot gevaarlike voorwerp verklaar. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Graad | Dié gedeelte van 'n onderwysprogram wat 'n leerder binne die bestek van een skooljaar kan voltooi of enige ander onderwysprogram wat die Lid van die Uitvoerende Raad mag ag gelykwaardig daaraan te wees. |
| Hoof van die Departement | Die Hoof van die Gauteng Onderwysdepartment. |
| In besit wees | Beteken in 'n leerder se fisiese besit, in die sakke van sy/haar kledingstuk, in sy/haar tas of ander sak (bv. sportsak), in sy/haar sluitkas en enige ander houer of voorwerp waarrin items gebêre kan word. |
| Inbraak/kuberkraak | Beteken die onwettige/ongemagtige daad van betreding met die gebruik van mag om by enige perseel te betree of toegang te verkry tot enige struktuur, voertuig, kas/yskas/houer of enige eiendom van enige persoon op die skoolterrein en in die proses skade te veroorsaak en/of eindom onregmatig te verwyder. Dit sluit ook in om onregmatige toegang tot enige persoon se elektroniese inligting te verkry met enife rekenaar/digitale toestel en enige dreig/intimiderende boodskappe te stuur (verwys ook na kuberboelie). |
| Gedragskode | Die dissiplinêre gedragskode en reëls van die skool, asook enige sportreëls, klaskamerreëls, beleid en of wetgewing wat in en by die skool van toepassing is. |
| Kul/Verkul/Bedrieëry/foppery/bedrog/ Ongemagtigde afskryf van werk of afkykery | Kullery sluit in, maar is nie beperk nie, tot: enige poging om ongeoorloofde voordeel te ontvang of te verkry, hulp te verleen, te ontvang of om d.m.v. enige voorwerp, dokument, boek, handboek, kripnotas, notas/aantekeninge/tekeninge, enige deel van die liggaam, of wat gestoor is of beskikbaar is in enige formaat op elektroniese/digitale voowerpe en wat in enige /toets/eksamen/assessering gebruik word om 'n onregverdige akademiese prestasie, voordeel te ontvang op enige onwettige ongeoorloofde wyse in stryd met die reëls van die skool/departement. |
| Leerder | Enige persoon wat by die Skool onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die Skolewet. |
| Lid van die Skoolbeheerliggaam | Beteken enige verkose/gekoöpteerde lid van die SBL/Komitee van die SBL van die Skool. |
| Lid van die Uitvoerende Raad | Beteken Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Onsedelike gedrag/ Openbare onsedelike gedrag/ Immorele gedrag | Hierdie oortreding in terme van die Kode bestaan uit immorele, onwettig, opsetlik gedrag van leerders wat in die openbaar(asook op enige sosiale media platform, App) betrokke is by optrede wat geneig is om die aanvaarbare morele standaarde wat soos deur die skool voorgeskryf is te oortree of die skool se goeie naam en eer aan te tas. |
| Onderwys/ Opvoeding | Onderriginstruksie of opleiding wat ingevolge die Wet aan leerders verskaf word deur en by die skool. |
| Onwettige dwelmmiddel of stof | Sluit in:<br>a. enige onwettige stof wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het; of<br>b. enige stof wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word;<br>c. enige dwelm soos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is in oortreding van artikel 4 van daardie Wet, die Skolewet en verwante wetgewing. |
| Ontwrigtende gedrag | Enige leerder wat onredelik en sonder goeie rede enige onderrig- en opvoedingsproses by die skool versteur wat in stryd is met die goeie orde en die gesag van enige opvoeder/afrigter/ander persoon ondermyn om opvoeding/instruksie te gee aan ander leerders en/of enige wettige opdragte nie na te kom nie of blatant ignoreer of terugpraat/onhoflik optree. |
| Ontwrigtende leerder | Beteken enige leerder wat ontwrigtende gedrag openbaar, pleeg of toon tydens enige opvoedkundige proses in die skool, enige skoolaktiwiteit, enige skoolondersteunde aktiwiteit, of wat inmeng of poog om in te meng met enige opvoeder/afrigter/instrukteur wat gesag het oor die leerder of wat inmeng met 'n bestuurder van 'n voertuig wat leerders vervoer en/of enige persoon leed aandoen binne of buite skooltyd, op of weg van die skoolterrein af of waar die leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word. |
| Opvoeder | Enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n skool lewer |
| Ouer | Beteken -<br>a. die biologiese of aanneemouer of wettige voog van 'n leerder;<br>b. die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of<br>c. die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe *(a)* en *(b)* ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom, soos omskryf in die Skolewet, 1996. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Permanente uitsetting | Die permanente verwydering van die leerder uit die skool. |
| Personeellid | 'n Persoon wat by 'n skool in diens is. |
| Persoonlike besittings (verwys ook na "in besit van") | Sluit in, maar is nie beperk nie tot: beursie, tas, sak van enige aard, sportsak, rugsak, boeksak, pakkie, winkelsak, enige kleredrag, hoofbedeksel, helm, bril van enige aard, skoeisel van enige aard, baadjie, dri-mac, trui, enige ander voorwerp/digitale voorwerp/elektroniese voorwerp, enige ander voorwerp, enige houer van enige aard, blikkieskos, glashouer met enige inhoud, plastiekhouer/bottel van enige aard met enige inhoud wat aan 'n leerder behoort |
| Persoon | Enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regspersoonlikheid |
| *Prima facie* | Latynse term wat beteken "met die eerste oogopslag of op die oog af". Dit word gebruik in die konteks van die Leerdergedragskode en die betrokke wetgewing en beleide van die skool wat, gegrond op 'n oorwig van waarskynlikhede, bewys dat daar voldoende gronde is vir dissiplinêre optrede van enige aard / sanksies en / of 'n dissiplinêre verhoor of om die bevindings te ondersteun of om die bevindinge van 'n dissiplinêre komitee te bekragtig |
| Rook/Damprook | Die gebruik van enige rookmateriaal |
| Rookmateriaal | Rooktoestelle, insluitend (maar nie beperk nie tot): sigarette, elektroniese sigarette, damprooktoestelle ("vapes") en hookah. Rookstowwe in enige vorm, insluitend (maar nie beperk nie tot): middels in die vorm van vastestof (bv. tabak of dagga), vloeistof (bv. damprookvloeistof) of gas en in enige verpakking [insluitend sakkies ("pouches") met effedrien of tabak of enige ander bedwelmende middel]<br>("damprook" is "vape"/"vaping") |
| Rowwe spel | Enige onregmatige, rowwe spel wat onveilig is of die goeie orde by die skool versteur of selfs 'n "TikTok Challenge" is |
| Sanksie | Straf, insluitend tydelike skorsing van enige aard, vir enige oortreding van die skool se Leerdergedragskode / reëls / klaskamerreëls / beleide en ander wetgewing en wat deur die skool en/of 'n dissipline komitee bepaal is om nagekom te moet word deur 'n leerder |
| Skoolhoof/Hoof | 'n Opvoeder wat as hoof van die skool aangestel is of waarneem |
| Seksuele teistering / Aanranding | Enige handeling met 'n seksuele konnotasie of ondertoon wat kan lei tot dissiplinêre optrede ingevolge die skool se Leerdergedragskode, strafregtelike vervolging of 'n deliktuele eis asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan 'n individu se reg op 'n veilige, nie-intimiderende |

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| | werk-, speel- of leeromgewing aangetas word deur onder andere onwelkome seksuele toenadering, onvanpaste aanraking, onvaanpastr taalgebruik, versoeke vir seksuele gunste waar die persoon wat die versoek rig in die posisie is om onder andere positiewe akademiese en ander prestasie-beoordelings te maak, vernederende, intimerende en/of krenkende verbale en nieverbale handelinge met 'n eksplisiete of implisiete seksuele konnotasie of ondertoon wat 'n persoon se menswaardigheid op enige wyse aantas |
| Skoolbeheerligaam | Die Skoolbeheerliggaam van die skool, soos beoog in artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996 |
| Die skool | Laerskool Wierdapark, 'n openbare skool soos beoog in Hoofstuk 3 van die Skolewet, 1996, wat 'n openbare skool is wat leerders in een of meer grade van graad R tot graad 7 inskryf |
| Skoolaktiwiteit | Enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel |
| Skooldae | Beteken (skool) weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en skoolvakansies |
| Skooleiendom | Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue asook alle ander eiendom, wat alle toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word |
| Skoolure | Vandat die klok soggens lui vir die aanvang van skool tot die einde van die laaste periode |
| Skorsing/Geskors | Beteken dat 'n leerder nie daarop geregtig mag wees om:<br>a. 'n klas by die skool by te woon nie;<br>b. gedurende die tydperk van skorsing, 'n amp te beklee of enige funksies of werksaamhede, soos beoog deur enige toepaslike wetgewing en wat met die bestuur van die skool verband hou, te verrig nie;<br>c. aan buite-kurrikulêre aktiwiteite en ander skoolaktiwiteite van die skool deel te neem nie; of skool vir 'n tydperk van hoogstens 7 skooldae by te woon nie. |
| Teistering | Enige teistering / afknouery / boeliegedrag / intimidasie/ viktimisasie / afpersing / ongewenste aanraking / ongewenste taalgebruik / aanranding / onwelvoeglike gebaar, insluitend maar nie uitgesluit of beperk tot enige elektroniese kommunikasie nir, wat betrekking het op enige individu / groep |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | se geslag, ras, geloof, afkoms, getroude status, enige liggaamlike eienskap, seksuele oriëntasie of liggaamlike of taalgebrek |
| Tydelike skorsing | Beteken dat die Hoof 'n leerder tydelik kan skors vanaf die tydstip dat 'n klagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is, totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur die dissiplinêre komitee gefinaliseer is, indien dit volgens die mening van die hoof, in oorleg met die departementshoof / dissiplinêre hoof / ondersoekbeampte, in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap geag word, onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder in staat moet wees om, onder behoorlike toesig, met sy/haar skoolwerk voort te kan gaan |
| Toesig | Die bestuur en beheer van leerders op skool of tydens 'n skoolaktiwiteit |
| Uitsetting | Die permanente beëindiging van 'n leerder se toelating as leerder tot die skool deur die departementshoof |
| Vergelding / Dreig met vergelding / Intimidasie | Benadeling van 'n ander se regte of dreigement om daardie persoon aan te rand of te dreig met aanranding, of te intimideer of af te pers op enige wyse omdat die persoon van voorneme is om 'n oortreding aan te meld of aangemeld het of as getuie in 'n saak teen 'n persoon op te tree of 'n skriftelike verslag/klag ingedien het oor die oortreding of as 'n getuie optree in 'n dissiplinêre verhoor / ondersoek van die skool |
| Verteenwoordiger | 'n Leerder moet by dissiplinêre verrigtinge deur sy/haar ouer of 'n persoon deur die ouer aangewys **vergesel** word, tensy afdoende redes deur die Skoolbeheerliggaam aangevoer kan word vir die voortsetting van die verrigtinge in die afwesigheid van die ouer of die persoon wat deur die ouer aangewys ia. Indien dit 'n regsverteenwoordiger is, is die persoon net daar as 'n verteenwoordiger en nie 'n regsverteenwoordiger nie. |
| Wangebruik van 'n skadelike middel | Wangebruik is die gebruik op 'n oormatige manier of anders as voorgeskryf of die gebruik van 'n dwelm wat onwettig is en teenstrydig is met die gedragskode en regulasies van die Nasionale Department van Basisese Onderwys. |
| Wangedrag | Wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie:<br>(a) wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy tydens of buite skoolure;<br>(b) wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word, ongeag of dit binne of buite die perseel van die skool is en of dit tydens of buite skoolure plaasvind; |

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| | (c) enige gedrag wat deur 'n leerder, met of sonder skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word, wat:<br>(i) die skool 'n slegte naam gee, die skool se reputasie skaad of in diskrediet te bring of sy goeie eer aantas;<br>(ii) met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die skool inmeng;<br>(iii) met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;<br>(iv) onderhewig aan die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of<br>(v) deur die Leerdergedragskode van die skool verbied word. |
| Wapen/<br>Gevaarlike Voorwerp | Enige voorwerp waarmee skade, leed en of besering aan enige persoon aangerig kan word, ingeslote gevaarlike wapens en ook vuurwapens. |

## 4.2 Akronieme

| Akroniem | Omskrywing |
|---|---|
| AJV | Die algemene jaarvergadering van ouers |
| DBO | Department van Basiese Onderwys |
| DH | Hoof van die Department |
| GDO | Gauteng Department van Onderwys |
| GT | Geslotekringtelevisie |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys |
| SAIC | School Assessment Irregularities Committee |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SARO | Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders ("SACE") |
| SASW | Suid-Afrikaanse Skolewet |
| SBL | Skoolbeheerliggaam |
| SPW | Strafproseswet 1977 (Wet 51/1977) |

## 5. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID

Die skool se Leerdergedragskode en skoolreëls sal van toepassing wees:

a. Op enige plek op die skoolterrein;
b. Binne enige lokaal op die skoolterrein;
c. Tydens enige skooltoer/uitstappie;
d. Tydens enige skoolaktiwiteit op of weg van die skoolterrein;
e. By enige ander skool;
f. By enige aktiwiteit/optrede waartydens 'n leerder die skool verteenwoordig;
g. Waar 'n leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word, ongeag of hy/sy die skooluniform dra; en
h. Tydens en buite skoolure
i.

## 6. WETSRAAMWERK

6.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
6.2 Die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Gauteng) (Wet No 6 van 1995).
6.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr 84 van 1996)
6.4 Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet Nr 31 van 2007)
6.5 Die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, (Wet Nr 15 van 2011)

6.6 Government Notice 1140 of 19 September 2008 – Devices to be used and Procedure to be followed for drug testing

6.7 Die Wet op die SA Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000).

6.8 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996).

6.9 Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

6.10 Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 Van 2000

6.11 Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013 ("POPI"))

6.12 Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)

6.13 Die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Staatskoerant 22754/2001: Kennisgewing 1040)

6.14 Regulasies en Riglyne van die Gauteng Departement van Onderwys

6.15 Nasionale Onderwysbeleidswet (Wet 27/1996)

6.16 SARO gedragskode vir Opvoeders.

6.17 Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977)

6.18 Die Kinderwet,2005 (Wet 38 van 2005)

6.19 Die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993), soos gewysig

6.20 Die Wet op Kindergeregtigheid

6.21 Riglyne vir Oorweging van Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders

6.22 Regulasies oor die Verbod op Ontgroeningspraktyke in Openbare Skole.

6.23 Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005).

6.24 Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 25 van 2002, soos gewysig.

6.25 Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996), soos gewysig.

6.26 Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011).

6.27 Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007).

## 7. BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES

7.1 GDO Omsendbrief 74/2007

7.2 GDO Omsendbrief vir aanmelding van insidente van aanranding en ander ernstige wangedrag by die Distrikskantoor en DBO Management of Physical Violence at School inligtingspamflet

7.3 Skoolbeleide aanvullend tot die Leerdergedragskode en Skoolreëls

7.4 Die Veiligheids- en Gesondheidsbeleid van die skool

7.5 Riglyne en Omsendbriewe van die Gauteng Departement van Onderwys en die Nasionale Departement van Onderwys.

7.6 DBO Protocol to Deal with Incidences of Corporal Punishment in Schools

7.7 DBO Challenging Homophobic Bullying in Schools
7.8 Skoolse B ywoningsbeleid
7.9 Skoolbeleid oor die Hantering van HIV/VIGS, TB en Seksueel Oordraagbare Siektes
7.10 DBO Protocol for the Management and Reporting of Sexual Abuse and Harassment in Schools
7.11 Skool se Sosiale Mediabeleid
7.12 Skool se Teenboeliebeleid
7.13 Skool se beleid oor die Toediening van Medikasie
7.14 Skool se Toerbeleid

## 8. BELEIDSTELLINGS

### 8.1 Die wetlike gesag van beheer: Opvoeders

8.1.1 Die SASW verleen aan die skool die mag om dissipline in die skool te handhaaf soos wat in die Leerdergedragskode en verwante beleide van die skool omskryf word.

8.1.2 Die skool sal verseker dat leerders en ouers ingelig is oor die bogenoemde dokumente en wanneer gedrag as 'n misdryf beskou word, asook die prosedures wat gevolg sal word.

8.1.3 Alle leerders van die skool is onderhewig aan die Leerdergedragskode, tensy 'n uitsondering deur die Skoolbeheerliggaam bepaal is.

8.1.4 'n Opvoeder in die skool sal dieselfde regte as 'n ouer hê om leerders te beheer en te dissiplineer (lyfstraf en ander ongeoorloofde gedrag uitgesluit) in die tydperk wat 'n leerder by die skool is en/of by enige skoolaktiwiteite betrokke is tydens of buite skoolure.

a. 'n Opsomming van die Leerdergedragskode mag in die skool se dagboek gepubliseer word.

b. Die hoof en/of sy gedelegeerdes mag deursoeking doen vir enige onwettige voorwerpe /middels ingevolge die nodige wetgewing van enige leerder sonder voorafmagtiging van enige ouers, asook enige leerder toets vir die gebruik van onwettige middels in terme van die betrokke regulasies. Ouers sal na die tyd binne 24 uur van die afloop van 'n skooldag ingelig word oor die uitslag van die deursoeking of toetse vir onwettige middels.

c. Die skool mag die nodige sanksies toepas en dissiplinêre optrede instel ingevolge die kode en die betrokke wetgewing en regulasies.

d. 'n Opvoeder het die reg om, in ooreenstemming met hierdie Leerdergedragskode, skoolreëls en verwante beleide en toepaslike wetgewing, sy/haar klaskamer te bestuur, leerders te dissiplineer en 'n leerder na die skoolhoof of die aangewese persoon soos deur die skoolhoof aangestel, te verwys om sodoende dissipline in die klaskamer te handhaaf.

e. Enige opvoeder wat kennis dra dat 'n leerder gedrag getoon het waar die leerder die Leerdergedragskode oortree en dit herhaaldelik of wesenlik inmeng met die opvoeder se vermoë om effektief met die leerders in die klas te kommunikeer/onderrig te gee of met die reg van enige ander leerder om onderrig en leer te kan ontvang, kan 'n mondelinge/skriftelike verslag van sodanige gedrag by die skoolhoof of aangewese persoon indien vir verdere optrede indien nodig.

**8.2 Individuele regte, verantwoordelikhede en erekode**

8.2.1 **Individuele regte**

Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het elke ingeskrewe leerder van die skool die volgende regte en onderneem elke leerder om die regte en verantwoordelikhede te erken, te aanvaar, te eerbiedig en daarvolgens te handel en na te kom, maar is ook bewus daarvan dat sommige regte ingeperk kan word:

a. Onderrig te ontvang in 'n gestruktureerde akademiese omgewing.
b. Deur ander lede van die skool gerespekteer te word, ongeag persoons-/godsdiens of kulturele verskille.
c. Gereelde terugvoering/verslae te ontvang aangaande akademiese vordering.
d. Die vryheid van spraak op 'n volwasse en taktvolle wyse toe te pas sonder dat haatspraak, seksistiese en ander aanstootlike taal gebruik word.
e. Regverdig behandel te word.
f. Verseker te wees van veiligheid van persoon en besittings.
g. In 'n skoon, gesonde en rommelvrye omgewing te werk en te speel.
h. Die vrymoedigheid te hê om ter enige redelike tyd te vra om hulp, raad en voorligting.
i. Die skool by te woon sonder dwelms, wapens, afknouery, onder die invloed van enige onwettige middel, verontregting, intimidasie, seksuele teistering, boelie, intimidasie, enige ander vorm van tesitering en/of enige kriminele gedrag.

8.2.2 **Verhouding van elke leerder met die skool, medeleerders, opvoeders en ouers**

Elke leerder van die skool verbind hom/haar daartoe om:

a. Begrip vir ander leerders te hê en verdraagsaam teenoor ander te wees
b. Trots en lojaal te wees teenoor sy/haar ouers, skool, opvoeders en skoolhoof
c. Hoflik teenoor medeleerders, opvoeders, ouers en medemens op te tree
d. Die reëls en Leerdergedragskode van die skool te gehoorsaam en te eerbiedig
e. Nie onwelvoeglike taal op die skoolterrein, in die klasklamer, tydens enige skoolaktiwiteit of waar die leerder in skooluniform is, te gebruik nie
f. Geensins enige onwelvoeglike boeke, tydskrifte, video's, prente, tekeninge, foto's of enige ander voorwerp wat aan ander aanstoot sal gee op die skoolterrein te bring, aan enige ander leerder te verskaf, te versprei of te toon nie
g. Getrou die skool by te woon
h. Die korrekte skooluniform te dra

i. Die voorkomsreëls van die skool te eerbiedig

j. Te alle tye as ambassadeur van die skool op te tree en sodoende die korrekte beeld van die skool uit te dra

k. Die gesag van die opvoeders wat oor hulle aangestel, is te erken

l. Alle redelike opdragte en versoeke van opvoeders, hulle ouers en die skoolhoof te gehoorsaam en uit te voer

8.2.3 **Die verantwoordelikhede van elke leerder**

Die leerders se regte gaan gepaard met verskeie verantwoordelikhede. Met toelating tot die skool onderneem elke leerder om:

a. Die geleentheid te skep vir ander om sonder belemmering te werk en om volle aandag aan hul lesse te gee;

b. Die individualiteit van ander te respekteer;

c. Ander billik en regverdig te behandel;

d. Deur eerlike gedrag die veiligheid van mense en eiendom in die skool te handhaaf;

e. Die skoolomgewing, klaskamers, kleedkamers en ander lokale skoon, netjies en rommelvry te hou;

f. Stiptelik ten opsigte van alle fasette van die skool te wees;

g. Nie die skool in enige verleentheid te stel nie;

h. Nie ontwrigtend, ongedissiplineerd of ontegemoedkomend binne of buite die klas op te tree nie;

i. Alle akademiese opdragte na die beste van hul vermoë uit te voer;

j. Die gebruik van dwelms en ander onwettige middels en tabakprodukte ten alle koste te vermy en nie betrokke te wees by aanranding, die dra van wapens, kriminele aktiwiteite, intimidasie, afknouery, seksuele teistering, kuberboelie, ongemagtigde gebruik van selfone en ander elektroniese apparate, verontregting, rook of die besit van pornografiese materiaal nie;

k. Die eiendom van die skool op te pas en nie te beskadig nie;

l. Nie medeleerders of enige ander persoon se eiendom sonder toestemming te neem, gebruik, eet of drink, of die eiendom te breek of beskadig nie;

m. Nie met enige apparaat van die skool te peuter, dit te gebruik of sonder toestemming van 'n opvoeder daarmee te werk nie;

n. Nie onnodiglik hulself en andere bloot te stel aan gevare of gevaarlike toestande nie;

o. Nie aan gevaarlike speletjies of gewelddadige optredes op enige plek op die skoolterrein, in die klaskamers, die kleedkamers of ander lokale deel te neem nie;

p. Die skolierpatrollie te gehoorsaam en padveiligheidsreëls na te kom;

q. Nie wapens of gevaarlike voorwerpe wat ander kan beseer, in hul besit te hê of skool toe of na enige ander skoolaktiwiteit te bring nie;

r. Nie op die skoolterrein, tydens enige skoolaktiwiteit of waar hy/sy in skooluniform is of

geïdentifiseer kan word as 'n leerder van die skool, te rook, damprook of enige alkoholiese, medikasie of ander onwettige of verbode middel te gebruik, in te neem, te snuif, daarmee handel te dryf of aan enige medeleerder van die skool of 'n ander skool beskikbaar te stel nie;

s. Aan geen dobbelaktiwiteite deel te neem of te inisieer of as toeskouer op te tree waar so 'n aktiwiteit plaasvind tydens die skooldag of enige skoolaktiwiteit nie;

t. Die skool se Leerdergedragskode, reëls en toevoegings daartoe te gehoorsaam; en

u. Die aanmeldingsplig na te kom ten opsigte van enige oortreding wat deur die leerder opgemerk word. Die aanmelding kan skriftelik, elektronies of in persoon gedoen word.

8.2.4 **Bedagsaamheid**

Leerders moet bedag daarop wees dat hulle te alle tye die skool verteenwoordig en die beeld van die skool te alle tye uitdra en daarom word daar van leerders verwag om:

a. Alle skoolreëls, ingesluit die reëls vir kleredrag en voorkoms, te gehoorsaam;

b. Goeie maniere te openbaar, hulle waardig te gedra en eerlik te wees;

c. Alle personeellede as meerderes te respekteer en met die nodige respek te behandel;

d. Respek te betoon aan leierleerders en skolierpatrollie;

e. Personeellede of enige volwasse persoon te alle tye beleefd te groet;

f. Nie die hande in die sakke te hê wanneer hy/sy 'n opvoeder, personeellid, leerderleier of volwassene aanspreek nie;

g. Alle redelike instruksies wat deur die skoolhoof, opvoeders en leerderleiers gegee word, stiptelik en gewillig uit te voer en na te kom;

h. Mekaar met respek te behandel en skinder/skinderstories te alle tye vermy;

i. Primêr verantwoordelik te bly vir sy/haar eiendom, die skool se eiendom wat aan hom/haar toevertrou is, sy/haar optrede en gedrag gedurende klastyd of gedurende enige ander amptelike skoolaktiwiteit;

j. As ambassadeur van die skool op te tree tydens enige geleentheid waar hy/sy die skool verteenwoordig en/of in amptelike skooluniform of sportdrag geklee is, hetsy tydens of buite skoolure;

k. Nie woordewisselings/argumente/gevegte wat by die skool ontstaan het, na skool (hetsy in skooldrag geklee of nie) voort te sit nie, maar eerder die grieweprosedure te volg;

l. Nie in die saal te praat tensy toestemming daarvoor verleen is nie;

m. Tydens 'n saalbyeenkoms/optrede/vertoning stil te sit en die saal eers aan die einde van die optrede te verlaat;

n. Die terreinbestuurder en algemene diensassistente te alle tye te respekteer;

o. Alle omsendbriewe, kennisgewings en ander briewe en notas van die skool en die Skoolbeheerliggaam aan hulle ouers te oorhandig en die ontvangserkenningskeurstrokies stiptelik terug te bring en aan die aangewese personeellid terug te besorg.

p. Omsendbriewe, toetse en rapporte wat deur ouer(s) of voogde onderteken moet word, aan ouers te oorhandig en aan die aangewese personeellid terug te besorg.

q. Nie onkunde oor die Leerdergedragskode of skoolreëls as verskoning voor te hou nie.

**8.2.5 Eerlikheid**

a. Daar word van elke leerder verwag om aan die skool se eerlikheidsbeleid te voldoen ten opsigte van sy/haar werk en nie hom/haarself as iemand anders voor te doen nie of voor te gee dat hy/sy enige leiersposisie of ander posisie by die skool beklee of magte het wat nie so is nie.

b. Die skool se beleid bepaal dat elke leerder sy/haar eie werk sal aanbied in take, huiswerk, akademiese werk en assesseringsprojekte sodat hulle werk op 'n eerlike grondslag beoordeel kan word.

c. Kullery in enige vorm is tot nadeel van die skool en die leerder en die saak kan aan die "SAIC" komitee as 'n onreëlmatigheid van die skool voorgelê word vir verdere ondersoek en optrede.

d. Eerlikheid is om:

i. Jou eie werk te doen en te voltooi en betyds in te gee;

ii. Enige verwysingsbronne, van watter aard ookal, te vermeld;

iii. Jou oë op jou eie werk te hou;

iv. Nie jou medeleerders toe te laat om jou werk af te skryf nie;

v. Nie ander se werk af te skryf en aan te bied as jou eie nie;

vi. Nie tydens enige toets, eksamen en ander assessering gebruik te maak van enige ongeoorloofde/ontoelaatbare hulpmiddel, notas van enige aard op enige oppervlak en enige elektroniese toestel nie.

vii. Elektroniese bronne met integriteit en oorleg te gebruik en nie "sny en plak" metodes te gebruik nie;

viii. Nie enige persoon se handtekening te vervals nie;

ix. Nie inligting te verander op enige dokument nie, insluitend 'n dokument wat deur die skool uitgereik is of wat deur 'n ouer/voog aan die skool gestuur word;

x. In enige dissiplinêre ondersoek/verhoor die waarheid te praat of in skriftelike verslae oor 'n insident die waarheid neer te skryf

**8.2.6 Akkommodering van godsdienstige en/of kulturele gebruike van leerders**

a. Praktyke, gedrag of verpligtinge wat verband hou met die kernwaardes en oortuigings van 'n erkende godsdiens en/of kultuur van 'n leerder en wat in konflik is met enige reël vervat in hierdie Leerdergedragskode, kan geakkommodeer word deur toestemming tot 'n redelike afwyking van hierdie Leerdergedragskode deur die skool se Skoolbeheerliggaam op skriftelike aansoek aan die Skoolbeheerliggaam.

b. Die leerder, bygestaan deur sy/haar ouer(s)/voog(de), kan aansoek doen vir 'n redelike afwyking van die standaardskoolreëls indien sodanige reëls in konflik is met of inbreuk maak op enige godsdienstige en/of kulturele regte van die leerder.

c. Sodanige aansoek moet op skrif gerig word aan die skool se Skoolbeheerliggaam en moet die volgende besonderhede en/of inligting insluit:

  i. 'n redelike interpretasie van die godsdienstige en/of tradisionele regte wat na mening van die leerder en sy/haar ouers deur 'n reël in die skool se Leerdergedragskode ingeperk word sowel as 'n voorstel van hoe die reëls aangevul kan word of met goedkeuring van die skool se Skoolbeheerliggaam geakkommodeer kan word;

  ii. die spesifieke reël(s) in die skool se Leerdergedragskode wat inbreuk maak op die leerder se godsdienstige en/of tradisionele praktyke, soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

  iii. 'n brief van 'n godsdienstige/tradisionele leier, wat die volgende bevestig:

    aa. die bestaan van so 'n godsdienstige en/of tradisionele praktyk, gedrag of verpligting;

    bb. of sodanige godsdienstige en/of tradisionele praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend van aard is;

    cc. of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit ag dat sodanige praktyk 'n vrystelling van skoolreëls regverdig; en

    dd. dat die leerder aan so 'n godsdienstige en/of tradisionele groep behoort en aktief deelneem aan sy praktyke, gedrag of verpligtinge.

d. By ontvangs van bogenoemde skriftelike aansoek, sal die skool se Skoolbeheerliggaam die aansoek om afwyking en/of vrystelling van enige bepaling van die skool se Leerdergedragskode met die nodige erns en verantwoordelikheid oorweeg, inaggenome die volgende:

  i. die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

  ii. toepaslike wetgewing en beleidsdokumente;

  iii. betrokke beslissings deur howe;

  iv. of sodanige godsdienstige en/of tradisionele praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend is;

  v. of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit ag dat sodanige praktyk 'n vrystelling van skoolreëls regverdig;

  vi. die omvang van die vrystelling en/of afwyking wat vereis word (m.a.w. hoe vêr die afwyking van die gewone skoolreëls is); en

  vii. die effek van die toestaan van die vrystelling en/of afwyking op die bereiking van 'n "gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, toegewy aan die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leerproses";

e. Die Skoolbeheerliggaam sal die leerder en sy/haar ouer(s)/voog(de) binne 30 skooldae skriftelik in kennis stel van die besluit.

**8.2.7 Vertroulikheid**

a. Die skool en Skoolbeheerliggaam sal die privaatheid van 'n klaer, die individu teen wie 'n klag ingedien word, en die getuies soveel as moontlik respekteer en beskerm, in ooreenstemming met die wetlike verpligtinge van die skool om ondersoeke in te stel, toepaslike stappe te neem en te voldoen aan enige blootlegging en/of openbaarmakingsverpligtinge ingevolge die Leerdergedragskode.

b. Alle rekords (papier en elektronies) wat gegenereer word en dissiplinêre verhore wat gehou word ingevolge die bepalings van die Leerdergedragskode en verwante wetgewing en beleide en reëls en die administratiewe prosedures daarvoor, sal as vertroulik bewaar word in die mate wat dit wetlik toegelaat word.

**8.2.8 Rapportering en aanmelding van oortredings van die gedragskode deur leerders**

a. Daar word van elke leerder redelikerwys verwag om verantwoordelik te wees vir sy/haar eie gedrag. Om hierdie rede word daar van alle leerders verwag om onmiddellik oortredings van die Leerdergedragskode deur enige leerder aan te meld by: 'n opvoeder, berader, maatskaplike werker, die hoof, die adjunkhoof, dissiplinehoof of ander aangewese persoon.

b. Enige leerder wat 'n leerder opmerk wat 'n wapen, gevaarlike voorwerp, alkohol of onwettige stof op skooleiendom of by 'n skoolfunksie/aktiwiteit besit, moet hierdie inligting onmiddellik aan 'n opvoeder, die hoof, enige opvoeder of enige ander volwassene wat hulle op die skoolterrein kan vertrou, rapporteer.

**8.2.9 Die leierraad**

a. Die leierraad is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline.

b. Die leierraad moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.

c. Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die leierraad gehoorsaam, en moet die leierraad ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

**8.2.10 Skoolkennisgewings, omsendbriewe en enige ander vorm van skriftelike kommunikasie**

a. Elke leerder moet enige kennisgewing aan ouers/voogde wat deur die Skoolbeheerliggaam, die hoof, die administratiewe personeel of enige opvoeder aan hulle uitgereik is, oorhandig.

b. Elke leerder moet dadelik enige terugvoerstrokie of ontvangserkenning wat deur die ouer/ voog voltooi moet word, aan die aangewese personeellid terugbesorg.

**8.2.11 Skooldokumente**

a. Geen leerder mag 'n dokument wat deur die skool uitgereik is en/of uitgereik is, verander nie.

b. Dit sluit in ( maar is nie beperk nie tot): skoolverslae, kwitansies vir gelde wat aan die skool betaal is, borglyste, briewe op die skool se briefhoof, ens.

**8.3 Deelname aan die skoolprogram of skoolaktiwiteite**

a. 'n Leerder neem deel aan die opvoedkundige kurrikulum soos voorgeskryf deur die Gautengse Onderwysdepartement, tensy vrystelling verleen is.

b. Skoolaktiwiteite bied ekstra geleenthede vir leerders om spesiale belangstellings na te streef wat bydra tot hul liggaamlike, geestelike en emosionele welstand. Dit is van sekondêre belang in verhouding tot die formele onderrigprogram. Die buitekurrikulê program ondersteun die opvoedkundige onderrigprogram om leerders ekstra geleenthede vir groei en ontwikkeling te bied.

c. Alle reëls rakende leerdergedrag en leerderdissipline is ook van betrekking tot alle skoolaktiwiteite.

d. Wanneer 'n leerder by 'n buitekurrikulêre skoolaktiwiteit aangesluit het, moet die leerder sy/ haar verpligtinge en verantwoordelikhede in dié verband nakom.

e. As 'n leerder van die skool wat deelneem aan 'n buitemuurse aktiwiteit wat deur die skool aangebied word, is die leerder se eerste lojaliteit teenoor sy/haar skool.

f. Deelname aan enige skoolaktiwiteit is 'n voorreg en is nie 'n reg nie, en enige leerder wat die Leerdergedragskode, skoolreëls of enige ander verwante beleid oortree, kan verbied word om deel te neem aan enige aktiwiteit en enige toekenning en/of erekleure wat verwerf word, kan verbeur word of enige leiersposisie in die skool herroep word.

g. Die skool verwag dat alle leerderdeelnemers en alle toeskouers by die skool op 'n gepaste wyse tydens die aktiwiteite sal optree.

h. Leerders sal onderworpe wees aan dissiplinêre aksies en sanksies vir wangedrag of vir onvanpaste, onwettige of onsportiewe gedrag tydens hierdie aktiwiteite of gebeure.

**8.3.1 Gedrag van leerders buite die skoolterrein**

a. Geen leerder van die skool mag die skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag in enige openbare plek of by enige ander skool nie.

b. Geen leerder van die skool mag die skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag tydens enige skoolaktiwiteit op die skoolterrein in terme van die Leerdergedragsode en skoolreëls, ongeag of die leerder skooldrag dra.

c. Leerders wat voor of na skool wag vir vervoer, moet dit op 'n ordelike manier doen en volgens die riglyne soos deur die skool gestel.

d. Leerders wat skoolvervoer gebruik, moet optree volgens die instruksies van die bestuurder of die persoon wat amptelik in beheer is van die voertuig.

e. Leerders moet padreëls nakom as hulle buite die skoolterrein beweeg.

**8.3.2 "Loco Parentis"- Verantwoordelikhede van opvoeders en ander skoolpersoneel**

a. Die verantwoordelikhede van "Loco Parentis" teenoor alle leerders verval onmiddellik wanneer die leerder die skoolterrein verlaat, tensy dit in die sorg van 'n amptelik aangestelde persoon namens die skool is. (sport / kulturele en ander amptelike skoolgeleenthede, tensy 'n kwytskelding / vrywaring van die in locus parentis plig deur die ouer/voog onderteken is.)

b. Geen leerder mag na-uurs of buite skoolure op die skoolterrein wees nie, tensy hy/sy aan 'n amptelike skoolaktiwiteit deelneem, of by 'n aanhoudingsklas, studieklas of die nasorgsentrum is of as 'n toeskouer van 'n skoolaktiwiteit moet aanmeld. Welke aktiwiteite moet onder die toesig van 'n personleellid of buitepersoon wees wat deur die skool aangestel of goedgekeur is of aan wie amptelike toestemming deur die skool verleen is.

c. Die skool sal, nadat die klastyd vir die dag verby is, slegs soos volg verantwoordelikheid aanvaar vir enige leerder wat nie onder die direkte toesig van 'n personeellid (bv. by buitemuurse aktiwiteit) is nie:

Maandag – Donderdag: 14:30
Vrydag: 14:00

d. Op dae dat die skool vroeër sluit (bv. aan die einde van 'n kwartaal) sal daar geen toesig na sluitingstyd wees nie, tensy 'n ander reëling aan die ouers gekommunikeer word.

e. Ten opsigte van buitemuurse aktiwiteite buite klastye word daar van ouers verwag om hul kinders nie meer as 'n halfuur na afloop van die betrokke aktiwiteit by die skool te kom haal nie.

f. Ouers is daarvoor verantwoordelik om hul kinders betyds by die skool te kom haal na afloop van die skooldag of na skoolaktiwiteite, ongeag die dag van die week en of dit gedurende die kwartaal of skoolvakansie of op openbare vakansiedae is.

**8.4 Skoolreëls en klaskamerreëls**

a. Die skoolreëls wat nodig is om te verseker dat die skoolomgewing ordelik en veilig vir elke leerder is, word in die Leerdergedragskode en ander verwante skoolbeleide omskryf en genoem.

b. Elke opvoeder het ook bepaalde reëls wat geld vir sy/haar klaskamer wat daargestel is vir die veiligheid van leerders en om 'n positiewe leeromgewing te bewerkstellig wat aanvullend tot die Leerdergedragskode is.

**8.5 Rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders**

a. Die skool aanvaar dat daar 'n medeverantwoordelikheid rus op die skoolhoof en/of sy/haar gemagtigdes om te poog om leerders te rehabiliteer wat skuldig is aan ernstige wangedrag soos rassisme, seksuele teistering, substansiemisbruik, rook, aanranding,

boeliegedrag, immorele dade, kuberboelie, laster van ander, diefstal en ander optredes wat ander se menswaardigheid aantas. Sulke rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders sal na oorlegpleging met ouers en, indien van toepassing, die Distriksdirekteur en ander professionele agentskappe aangebied word.

b. Die verantwoordelikheid vir rehabilitasie word egter beperk tot die voorwaardes van die toepaslike wetgewing, die behoefte om die meerderheid van die leerders in die skool te beskerm en die beskikbaarheid van hulpbronne.

c. Weiering van leerders om aan sulke programme deel te neem, kan lei tot verdere dissiplinêre prosedures wat kan lei tot 'n aanbeveling van finale uitsetting uit die skool deur die Departementshoof.

d. Alle wetlike bepalings rakende die Leerdergedragskode en wangedrag, asook amptelike beleid, moet deurgaans nagekom word deur die skool en elkeen wat met die toepassing daarvan gemoeid is.

**8.6 Onvanpaste gedrag van ongewenste/onbehoorlike intieme toenadering, onwelvoeglike ontbloting van liggaamsdele en/of enige ander vorme van onwelvoeglike aanraking en immorele gedrag**

a. Nabye fisiese aanraking/kontak wat enige seksuele ondertone kan hê of as sodanig geïnterpreteer kan word en wat as onaanvaarbaar beskou kan word, is onvanpas vir leerders in enige opvoedkundige aktiwiteite/milieu.

b. Leerders mag nie by enige vorm van ongewenste toenadering betrokke wees nie, soos: soenery, onvanpaste omhelsing, arms sit om die skouers of middel of ander liggaamsdeel, op mekaar se skote sit, op bene sit, hande vashou of aanraking van enige liggaamsdeel op enige wyse of enige ander immorele of onwelvoeglike of onbetaamlike gedrag, spraak, bewegings met enige liggaamsdeel wat buite die norme val van goeie smaak of gedrag of wat deur die skool as onaanvaarbaar beskou word.

c. Geen enkele leerder of 'n groep leerders of enige twee leerders van watter geslag ookal, mag enige daad pleeg of poog om dit te pleeg of deelneem aan enige daad en/of betrokke wees nie by enige onaanvaarbare, immorele, onwelvoeglike, ontoepaslike, onbetaamlike of onwettige dade of gedrag in die openbaar en/of onvanpaste toenadering in enige vorm op enige openbare plek, op die skoolterrein, binne of buite sig van ander en/of weg van die skoolgronde tydens enige skoolaktiwiteit of skoolondersteunde aktiwiteit, op enige skoolvervoermiddel, tydens of buite skoolure, geklee in skooluniform al dan nie of waar enige leerders as leerders van die skool geïdentifiseer kan word, of waar enige ander leerders van die skool of enige ander skool of lede van die publiek betrokke of teenwoordig is. Dit sluit in enige vorm van seksuele teistering, seksuele geweld of enige vorm van seksuele gedrag of daad, ongeag of dit konsensueel is. "Konsensueel" beteken dat alle partye gewillige deelnemers aan 'n daad is.

d. Geen leerder mag betrokke wees nie by enige onvanpaste gesuggereerde fisiese of seksuele gedrag, seksuele teistering (insluitend grappies, opmerkings, skinderstories), onvanpaste gebare of onwelkome liggaamlike gedrag of onvanpaste aanraking of liggaamlike kontak van enige aard nie.

e. Geen leerder mag deelneem aan of veroorsaak dat 'n ander leerder by 'n daad van geweld en/of seksuele teistering of enige verwante daad betrokke is nie.

f. Geen leerder mag homself/haarself of enige intieme liggaamsdele ontbloot nie.

g. Geen leerder mag 'n ander persoon ontbloot deur 'n ander persoon se klere te verwyder of klere op of af te trek of op enige manier vas te hou om sodanige onsedelike blootstelling te veroorsaak nie.

h. Openbare naaktheid of halwe naaktheid deur enige leerder wat as ongewens of onvanpas beskou kan word, word nêrens op die skoolterrein of op sosiale media of tydens enige skoolaktiwiteit, geklee in skooluniform al dan nie, voor skool, gedurende skool of na skool toegelaat nie.

i. Indien enige sodanige gedrag soos hierbo genoem onder die skool se aandag kom, mag die skool enige stappe na goeddunke neem.

**8.7 Verbode en ontoelaatbare items**

8.7.1 Leerders mag nie die volgende items saambring skool toe of dit in hulle besit hê, tydens en buite skoolure op die skoolterrein, by die skool of tydens enige skoolaktiwiteit nie. Die hoof en/of enige van sy/haar gemagtigdes mag beslag lê op enige van die items wat genoem word en mag enige voorwerp vernietig of na diskresie van die skoolhoof daarmee wegdoen.

a. Kougom

b. Korrigeervloeistowwe (bv. Tipp-ex)

c. Naellak van enige aard

d. Gom of gomsoorte in enige vorm wat nie deel is van die skool se voorgeskrewe skryfbehoeftes nie of wat op onaanvaarbare wyse aangewend word

e. Laserwysers/liggies ("lazers") van enige aard

f. Glashouers van enige aard

g. Aërosols en soortgelyke houers wat enige gevaarlike stowwe/chemikalieë bevat of stowwe wat deur die skool verbied is

h. Enige tipe wapen of vuurwapen of replika (insluitend 3D-gedruk) of speelgoedweergawe daarvan van enige aard en/of ammunisie en/of enige gevaarlike voorwerp of voorwerp wat besering kan veroorsaak

i. Enige mes, knipmes, swaard of replika (insluitend 3D-gedruk) of speelgoedweergawe daarvan, skerpgemaakte voorwerp, stok of gereedskap

j. Ketties of rekke

k. Enige chemikalieë

l. Koorde en/of elektriese koorde

m. Plofbare toestelle, insluitend enige vuurwerke en klappers

n. Sintetiese dwelmmiddels

o. Vuurhoutjies en/of sigaretaanstekers

p. "BB"-gewere of enige voorwerp wat projektiele van enige aard kan skiet, insluitend tuisgemaakte items

q. Alkoholiese drank

r. Rookmateriaal

s. Dwelms

t. Verbode middels

8.7.2 Die items wat gekonfiskeer word, sal vernietig word of daarmee sal weggedoen word na diskresie van die skoolhoof na afloop van enige dissiplinêre stappe.

8.7.3 Die volgende items mag slegs met die toestemming van die skoolhoof of sy/haar gemagtigde skool toe gebring word, onderworpe aan voorwaardes wat deur die hoof gestel word:

a. Enige soort speelgoed

b. Elektroniese speletjies

c. Elektroniese apparaat, radio's, "walkmans", bandspelers, stereospelers, laserskyfspelers, enige elektroniese apparaat wat musiek speel en/of die vermoë het om video's of ander elektroniese opnames te doen of speel

d. Selfone, slimhorlosies van enige aard en/of elektroniese tablette en ander digitale toestelle

e. Kameras

f. Juwele en ander waardevolle items

g. Diere van enige aard, bv. troeteldiere of insekte

**8.8 Deursoeking en beslaglegging** (Sien ook artikel 8A van die Skolewet, en ander verwante beleide van die skool)

Ewekansige deursoeking en beslaglegging vir dwelmmiddels en gevaarlike voorwerpe geskied ingevolge die voorgeskrewe prosedures.

**8.9 Monitering van leerders en ander persone dmv GKT**

Die skool mag die hele skoolterrein en alle geboue en lokale (binneruimte van kleedkamers uitgesluit) heeltyd moniteer deur middel van GKT.

**Ontwrigting van klasse of skoolaktiwiteite en die opvoedkundige proses deur enige leerder**

Die basiese reël geld dat geen leerder die skoollewe op enige manier mag ontwrig nie (bv. deur geweld van enige aard, geraas, geluide maak, ongehoorsaamheid, onbuigsaamheid, ongeskiktheid, oneerbiedige optrede, skree, op 'n tafel slaan, dwang, bedreiging, intimidasie, vrees, passiewe weerstand, ens.) en/of opsetlik die ontwrigting of belemmering van enige

funksie van die skool veroorsaak nie, en 'n leerder mag ook nie aan sodanige optrede deelneem indien dit redelikerwys beskou kan word as dat sodanige optrede tot ontwrigting of belemmering van die opvoedkundige proses in die skool kan lei nie.

**8.11 Gedrag op die skoolterrein en gedurende skoolaktiwiteite**

Die volgende gedrag is die leerders se veranwtwoordelikheid en word van leerders verwag:

a. Hulle lessenaars, klaskamers, kleedkamers en die skoolterrein skoon en ordelik te hou en te laat.

b. Leerders moet die leerderleiers wat verkies is tot die posisies, respekteer en hulle opdragte gehoorsaam.

c. Leerderleiers mag nie hulle posisies misbruik om medeleerders te domineer, boelie, teister of intimideer nie.

d. Nie die klaskamer of enige skoolaktiwiteit te verlaat sonder die toestemming van die opvoeder nie

e. Persoonlike en skooleiendom, bv. skoolboeke, handboeke, skooluniform en ander eiendom op te pas en nie op enige wyse te beskadig of te vandaliseer nie

f. Betyds en voor die aanvang daarvan by die skool, 'n skoolaktiwiteit of klas op te daag

g. Basiese hoflikheid aan die dag te lê soos om te groet, asook "asseblief" en "dankie" te sê

h. Nie sonder toestemming in die klaskamer te eet of drink nie

i. Nie gevaarlike speletjies en optrede waardeur mense beseer kan word of eiedom beskadig kan word, te speel of mee te maak nie

j. Die mediasentrum en rekenaarsentrums op 'n verantwoordelike wyse te betree en te gebruik. Alle materiaal en toerusting van die sentrums moet opgepas word. Mediasentrummateriaal wat uitgeneem word, moet betyds terugbesorg word. Skadevergoeding sal betaalbaar wees aan die skool indien materiaal of toerusting verlore, beskadig of vernietig is.

k. Nie medikasie te gebruik of te neem sonder toesig nie, behalwe in die geval van chroniese medisyne, asma en suikersiekte en indien die ouers die skool ingelig het ten opsigte van sulke toestande

l. Nie handel te dryf, pamflette uit te deel of fondsinsamelingsaktiwiteite sonder die toestemming van die skoolhoof te onderneem nie.

m. Sodra leerders arriveer, moet hulle sonder versuim die skoolterrein betree.

n. Leerders word slegs toegelaat in voorgeskrewe areas tydens skoolure.

o. Niemand mag by die heinings of hekke met buitestaanders gesels of op enige ander wyse, hetsy elektronies of skriftelik, kommunikeer nie, en ook nie buite die perseel sonder toestemming wag nie.

p. Indien toestemming verleen is dat 'n leerder tydens skoolure gehaal sal word, bly die leerder in die klas todat hy/sy deur die kantoor geroep word.

q. 'n Leerder mag gedurende skoolure slegs die skoolterrein verlaat in die teenwoordigheid van sy/haar ouer of 'n persoon wat deur die ouer afgevaardig is en slegs nadat die skoolhoof of sy/haar gemagtigde die nodige toestemming verleen het.

r. Daar mag nie met voorwerpe wat skade kan berokken, gespeel word nie.

s. Leerders mag nie op die skryfborde skryf sonder die toestemming van 'n opvoeder nie.

t. Leerders mag nie met die brandblussers of enige brandtoerusting peuter of daarmee speel nie.

u. Leerders mag nie die volgende toestelle aktiveer, met oorfone gebruik of enige boodskappe stuur, ontvang of lees of enige opname (foto en/of video en/of klank) maak of oproepe maak en/of ontvang nie: selfone, slimhorlosies, "trackers" of toestelle of digitale toestelle van enige aard

**8.12 Stoepe en trappe**

a. Leerders mag stilweg gesels, maar ontwrigtende gedrag, sowel as skree, fluit en ander geluide maak, is ontoelaatbaar.

b. Leerders mag nie tydens pouses of voor en na skool die stoepe of trappelokkeer nie en moet vinnig en rustig uit die skoolgeboue beweeg.

c. Leerders mag nie gedurende pouse sonder die toesig van 'n personeellid op die trappe of op die eerste of tweede vloere wees nie.

d. Leerders hou links wanneer hulle op die stoepe of trappe beweeg.

e. Balspele en die gooi van voorwerpe op die stoepe of trappe is verbode.

f. Leerders mag nie hardloop op die stoepe of trappe of elders op die terrein waar baie persone beweeg nie.

g. Leerders mag nie op die stoepe eet tydens klaswisseling nie. Oop koeldranke, water en ander vloeistowwe in houers mag ook nie van klas tot klas gedra word nie.

**8.13 Kleedkamers/toilette**

a. Kleedkamers/toilette moet te alle tye skoon en netjies gehou word.

b. Onaanvaarbare gedrag in die kleedkamers/toilette sluit in (maar is nie beperk nie tot): rook, onwettige middels inneem of daarmee handel dryf of aan ander beskikbaar stel, speel, leeglê, stokkiesdraai, wegkruip, eet, koeldrank drink, saamdrom, lees, huiswerk of ander skoolwerk doen, afskryfwerk of pleeg van enige wandade.

c. Krane moet toegemaak word as leerders klaar hulle hande gewas of water gedrink het.

d. Elke leerder het die reg op privaatheid wanneer hy/sy die kleedkamer/toilette besoek en mag gebruik maak van die toilethokkies indien hy/sy dit verkies.

e. Slegs een leerder op 'n slag word in 'n toilethokkie toegelaat.

f. Leerders mag slegs die kleedkamers/toilette betree wat vir hulle aangedui is. Seniors mag bv. nie die juniors se kleedkamers/toilette gebruik nie en omgekeerd. Seuns en dogters mag nie mekaar se kleedkamers/toilette gebruik nie. Opvoeders en ander personeel wat spesifiek deur die skoolhoof of sy/haar gemagtigde aangewys is, sal die

reg hê om te enige tyd leerders se kleedkamers te betree om inspeksie te doen.

g. Gedurende amptelike klastyd (pouses uitgesluit) mag leerders slegs, nadat hulle toestemming verkry het van die opvoeder in bevel van die klas of 'n ander skoolaktiwiteit, die kleedkamer/toilet besoek, waarna hulle so gou as moontlik sal terugkeer na die klaskamer of aktiwiteit.

h. Slegs een leerder op 'n slag word toegelaat word om die kleedkamer/toilet te besoek en moet eers die nodige register in die klas voltooi.

i. Leerders moet alle oortredings en ongeoorloofde optredes aanmeld wat in die kleedkamers/toilette plaasvind en enige gebreke, onveilige of onhigiëniese toestande aanmeld by 'n opvoeder of die kantoor. Sodanige leerder se identiteit sal te alle tye beskerm word.

j. Geen ongewenste voorwerpe mag in die toilette, wasbakke of urinale gegooi word nie.

k. Handdoeke en seep moet gelaat word waar dit hoort.

l. Tasse, klere en sakke van enige aard mag nie tydens oefeninge of andersins in die kleedkamers gelaat word nie.

m. Die skool mag die ingange tot die kleedkamers deur middel van GKT moniteer.

**8.14 Speelgrond/skoolterrein**

a. Leerders sal net speel en beweeg in die gebiede wat daarvoor aangewys is.

b. Geen leerder mag naby of tussen geparkeerde voertuie speel of daar byeenkom nie.

c. Geen klippe, stokke of ander voorwerpe mag gegooi word nie. Balspele is beperk tot die sportveld en slegs indien toestemming daarvoor deur die hoof verleen is.

d. Niemand mag oor die heinings en/of die hekke om of op die skoolterrein klim, daarop sit, loop, staan of daaraan swaai of op enige dakke of afdakke klim nie.

e. Springtoue sal nie gegooi word nie. Ander leerders sal ook nie met springtoue geslaan of daarmee vasgebind word nie. Springtoue mag ook nie om leerders se nekke gedraai word nie.

f. Speletjies waar leerders laag geloop word of onderstebo gestamp word of met die skouer of ander liggaamsdeel bygedam word en/of gepooitjie word is ontoelaatbaar.

g. Die bome en plante mag nie gebreek, uitgetrek of versteur word nie. Blomme mag slegs met die toestemming van 'n opvoeder gepluk word.

h. Beproeiingstelsels mag nie uitgetrek of beskadig word nie.

i. Balle mag nie teen 'n gebou geslaan, geskop of gegooi word nie.

j. Niemand behalwe die gemagtigde persone mag enige elektriese installasies of kontrolekaste of skakelaars wat op die skoolterrein voorkom, aanraak nie.

k. Die skoolterrein en speelgrond is daar vir al die leerders se plesier en 'n gees van verdraagsaamheid en samewerking word van alle leerders verwag.

l. Na afloop van die amptelike skooldag sal leerders slegs die skoolgrond mag betree indien hulle: ingeskrewe lede is van die naskoolsentrum of aktiwiteite wat aangebied

word deur toegelate buitemuurse verskaffers, aan amptelike buitekurrikulêre aktiwiteite deelneem, toeskouers is by amptelike wedstryde, vir bywoning van detensieklas of ander amptelike skoolaktiwiteite onder volwasse toesig.

m. Na afloop van die aktiwiteit of wedstryd moet alle leerders die skoolterrein verlaat of terugkeer na die naskoolsentrum. Leerders wat nie ingeskrewe lede van die naskoolsentrum is nie en wie se ouers hulle eers later kan kom haal of vir wie vervoer eers later opdaag, moet binne die skoolterrein by die hek wag en mag nie op die skoolterrein ronddrentel nie.

n. Geen leerder word na-ure sonder die toesig van 'n personeellid toesig op die skoolterrein toegelaat nie.

**8.15 Elektriese installasies/Laboratoriumtoerusting/Klanktoerusting**

a. Leerders mag nie met muurproppe, skakelborde of enige ander elektriese of GKT-installasies peuter nie. Hulle mag nie elektriese kassies op die skoolterrein oopmaak en die skakelaars of elektriese aansluitings gebruik of daarmee peuter nie.

b. 'n Leerder mag nie peuter aan ligskakelaars, enige ander elektriese toerusting of waaiers, of laboratoriumtoerusting of enige ander toerusting/chemikalieë wat in die laboratoriums gebruik word nie. As hierdie reël oortree word, sal die skool nie verantwoordelik gehou word vir skade of beserings nie.

c. Leerders mag nie selfone/digitale toestelle laai by 'n elektriese aansluiting sonder die toestemming van 'n opvoeder in beheer van 'n klas nie.

d. Leerders mag nie aan enige klanktoerusting raak of dit verstel nie.

**8.16 Die siekekamer**

a. Die siekekamer is 'n tydelike wagarea vir 'n leerder wat gedurende die skooldag siek word of mediese aandag nodig het. Leerders is nie geregtig om hierdie vertrek vir enige ander doel te gebruik nie.

b. Die prosedure vir leerders wat ongesteld voel of siek word, is soos volg:

   i. Die leerder meld by die graadhoof aan, wat die erns van die situasie assesseer.

   ii. Indien nodig, reël die graadhoof dat die leerder vir 'n ruk in die siekekamer gaan lê.

   iii. Indien die leerder moet huis toe gaan, onderteken die graadhoof en die hoof/departementshoof die WPA 3-vorm.

   iv. Die kantoor tref 'n reëling met die ouers om die leerder te kom haal en die WPA3 word diensooreenskomstig voltooi

c. Ouers moet daarop let die die skool geen mediese diens lewer nie en slegs noodhulp aan 'n beseerde leerder sal lewer en die nodige mediese ondersteuning sal ontbied.

d. Die skool mag volgens wetgewing geen medikasie aan leerders gee nie.

**8.17 Brandtoerusting**

Brandtoerusting is buite perke en dit word as 'n ernstige oortreding beskou as daarmee gepeuter word.

**8.18 Satanisme, heksery en toordery**

a. Die praktyke van satanisme, heksery en toordery word streng op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein verbied.

b. Die besit of verspreiding van enige literatuur of voorwerpe wat te make het met die onderwerpe, afpersing, intimidasie, viktimisasie, aanranding of dreigemente van aanranding, asook werwing van enige persoon sal onder geen omstandighede geduld word nie en is 'n oortreding van die skool se Leerdergedragskode.

**8.19 Beoefening van tradisionele medisyne en verwante aktiwiteite**

Die beoefening van bogenoemde deur enige leerder te enige tyd op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein, sonder die toestemming van die Skoolbeheerliggaam, word nie toegelaat nie. Dit sluit in die verskaffing van enige stof aan enige leerder om in te asem, te eet, te verbruik, in te neem, te snuif of gebruik op enige ander manier of aanwending op die liggaam.

**8.20 Fietse, skaatsplanke en rolskaatse**

a. Daar mag nie met 'n motor, motorfiets, fiets, skaatsplank, rolplank, skopfiets of dergelike vervoermiddel op die skoolterrein gery word nie.

b. Leerders wat met die fiets skool toe kom, moet die fiets die terrein binnestoot en uitstoot.

c. Die bestuur van enige vervoermiddel deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moonlilke nadeel vir ander persone op die skoolterrein of in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.

d. Leerders sal te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.

e. Alle vervoermiddels word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

f. Alle leerders wat per fiets skool toe kom, kom sal veiligheidshelms dra soos wat deur die verkeersregulasies voorgeskryf word.

**8.21 Sluitkassies**

a. Sluitkassies word aan leerders voorsien teen 'n minimale huur vir die stoor van persoonlike eiendom, klerasie en boeke.

b. Die sluitkassies is en bly skool eiendom en mag deur die skoolhoof of sy/haar gemagtigde sonder voorafkennisgewing en sonder die toestemming van enige ouer/voog geïnspekteer of deursoek word tot voordeel van die skool. Leerders mag nie weier om sluitkasssies vir die gemagtigde personeel oop te sluit vir inspeksie nie.

c. Tydens sodanige inspeksie sal die leerders se privaatheid gerespekteer word ten opsigte van enige items wat daar geberg mag wees wat nie strydig is met die skool se Leerdergedragskode of enige ander beleid van die skool nie en mag dit nie verwyder word nie. 'n Leerder sal die kassie uitpak in opdrag van 'n gemagtigde persoon.

d. Indien daar tydens sodanige inspeksie/deursoeking enige verbode/gevaarlike item opgemerk word soos omskryf in die Leerdergedragskode of enige ander beleid van die skool, mag die skoolhoof of sy/haar gemagtigde die gevaarlike en/of verbode item(s) in bewaring neem totdat 'n behoorlike ondersoek gedoen is waarom en hoe die betrokke item/voorwerp in die sluitkassie geplaas is.

e. Die skoolhoof of sy/haar gemagtigde is onder geen verpligting nie, maar mag die hulp van enige lid van die SAPS inroep tydens sodanige inspeksie/deursoeking.

f. Sluitkassies mag deur GKT gemoniteer word deur die skool.

g. Enige gebreke aan enige sluitkassie moet by die onderwyser in beheer aangemeld word.

h. Elke leerder sal verantwoordelik gehou word vir enige gebreke aan sy/haar sluitkassie.

i. Leerders koop hul eie slotte en vervang dit indien nodig.

j. Die veilige bewaring van die sleutel/kode is die leerder se verantwoordelikheid.

k. Weens sekuriteitsredes mag 'n leerder nie 'n sluitkas met 'n ander leerder deel nie.

l. Elke leerder is verantwoordelik vir die netheid en goeie toestand van sy/haar sluitkas.

m. Geen leerder mag die sluitkas se slot laat knip (bv. as sleutels weg is) sonder die onderwyser in beheer se toestemming nie.

n. Sluitkaste moet aan die einde van die jaar leeggemaak word teen die laaste eksamendag. Die slotte moet ook verwyder word.

**8.22 Mediasentrum**

a. Mediaboeke moet opgepas en binne die voorgeskrewe tyd terugbesorg word.

b. Alle media word op die voorgeskrewe wyse uitgeneem.

c. Die reëls wat in die mediasentrum geld, moet deur alle leerders nagekom en medialeiers moet gehoorsaam word.

**8.23 Buitekurrikulêre aktiwiteite**

a. Leerders wat aangedui het dat hulle aan 'n betrokke item gaan deelneem, moet getrou oefeninge bywoon. Verskonings van oefeninge geskied per brief aan die afrigter.

b. Swak taalgebruik, lelike opmerkings en vuilspel is ontoelaatbaar.

c. Skeidsregters moet met respek behandel word.

d. Skeidsregters se beslissings word nie in twyfel getrek nie.

e. Spelers moet geklee wees in ooreenstemming met die skool se beleid.

f. Met wegwedstryde word leerders vervoer soos gereël deur die afrigter. Leerders mag nie alternatiewe reëlings tref sonder die toestemming van die afrigter nie.

**8.24 Rekenaarsentrum**

a. Geen leerder mag sonder die toesig van 'n opvoeder in die rekenaarsentrum wees of werk nie.

b. Die klasbeleid aangaande die gebruik van rekenaars moet eerbiedig word om ontsegging van die gebruik te voorkom.

**8.25 Verbode gebiede/Beperkte toegang**

Die volgende lokale en plekke is verbode terrein, tensy leerders wettige redes het om daar te wees en/of onder die toesig van 'n personeellid is:

a. Personeel se parkeerareas, tennisbane, pawiljoen, en enige lokale (insluitend klaskamers en die saal) en kantore

b. Die eerste en tweede verdiepings is verbode gedurende pouses.

c. Die personeelkamer is uitsluitlik vir volwassenes. Geen leerders word hier toegelaat sonder toestemming nie.

d. Leerders mag nie kortpad deur die voorportaal vat nie.

e. Geen leerder sal onregmatig in besit wees van enige sleutel en/of slotkombinasie/alarmkode wat toegang bied tot enige skooleiendom/perseel, vervoermiddel en/of fasiliteit nie. Hulle mag ook nie sodanige sleutels laat dupliseer of die kodes aan enige ander persoon beken maak nie.

f. Leerders mag nie tydens of buite skoolure sonder die toesig van 'n onderwyser op enige van die klim- en klouterapparate speel nie.

**8.26 Eiendom en skooltoerusting**

a. Opvoeders se lessenaars en ander eiendom is privaat en niks mag verwyder, gebruik of aangeraak word, sonder hulle toestemming nie.

b. Leerders moet die motorvoertuie van opvoeders en ander lede van die publiek wat op die terrein geparkeer is, uitlos, en nie daarteen leun, daaragter te speel, tussen voertuie deurbeweeg of dit beskadig nie.

c. Geen toerusting, opvoedingsmateriaal, ens. mag gebruik word of uit klaskamers of ander lokale sonder die toestemming van 'n opvoeder of 'n personeellid verwyder word nie.

d. Geen leerder mag sonder die toestemming van 'n ander medeleerder in sy/haar tas, sak, kledingstukke, sluitkassie of ander houer kyk, die inhoud daarvan uithaal, eet, drink, steel, gebruik, dra, beskadig, wegneem, leen, verkoop, verruil, wegsteek, vernietig of verduister nie.

e. Geen leerder mag sonder die toestemming van 'n ander medeleerder sy/haar eiendom eet, drink, gebruik, beskadig, wegneem, leen, verkoop, verruil, wegsteek, vernietig of verduister nie.

f. Kledingstukke, skoene en of ander eiendom van leerders wat op die terrein gevind word, moet in die houer vir verlore goedere geplaas word.

g. Alle kledingstukke, tasse en sakke moet met leerders se name gemerk wees.

h. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige eiendom van watter aard ookal van 'n leerder nie.

**8.27 Skooltye**

a. Leerders sal soggens vanaf 06:00 toegang hê tot die skoolterrein. Alle leerders wat tussen 06:00 en 06:50 op die skoolterrein is, moet by die aangewese plek vir toesig aanmeld (oggendwagklas).

b. Leerders moet direk vir toesig aanmeld tot 06:50 en mag nie elders op die terrein wees nie, behalwe as hulle onder die toesig van 'n onderwyser by 'n aktiwiteit betrokke is.

c. Die klok lui soggens om 07:25 vir gr. 1 – 7 sodat almal by die klasse kan aanmeld.

d. Algemene aankomstyd:

i. Graad R 07:00 – 07:45

ii. Graad 1 – 7 07:00 – 07:25 (Voogperiode begin stiptelik om 07:30)

e. Uitkomtye:

iii. Graad R - 13:00 (Ma. – Vry. )

iv. Graad 1 en 2 - 13:15 (Ma. – Vry.)

v. Graad 3 - 13:30 (Ma. – Do.)

vi. Graad 4 – 7 - 13:50 (Ma. – Do.) en 13:30 (Vry.)

f. Skoolure kan aangepas word, byvoorbeeld op die dag dat die skool sluit vir vakansie.

**8.28 Algemene orde**

a. **Pouses**

i. Pouse word gebruik om toilet toe te gaan, hande te was, toebroodjies te eet en te ontspan.

ii. Leerders is teenwoordig op die onderskeie terreine wat vir hulle aangedui word.

iii. Na pouses tree leerders direk aan by hulle klasse waar hulle moet wees soos op die rooster aangedui.

**b. Saalbesoeke**

i. Leerders beweeg vinnig en stil na en in die saal.

ii. Leerders mag nie in die saal praat of eet terwyl aktiwiteite plaasvind nie.

iii. Geen leerder mag sonder 'n opvoeder of afrigter in die saal wees nie.

**c. Klaswisseling (Klaswisseling geskied stil, vinnig en ordelik)**

i. As die klok lui aan die einde van 'n periode, tree leerders ordelik in opdrag van die onderwyser aan by hulle banke. Die klas beweeg uit op die instruksie van die opvoeder.

ii. Met die op- of afstap van die stoepe word altyd links, teen die muur of trapreëlings gehou. Geen hardlopery, geskree en spelery word op die stoepe en trappe toegelaat nie. Leerders beweeg in ordelike rye na die volgende klas.

iii. Seuns en dogters stap deurmekaar in een ry soos hulle die klas verlaat.

iv. Leerders tree stil aan voor elke volgende klas aan.

v. Voor skool plaas leerders hulle tasse voor die klas waar hulle die eerste periode moet wees. Voor pouses plaas hulle hul tasse voor of in die klas waar hulle na pouse sal wees.

vi. Leerders moet so gou moontlik die gange en stoepe ontruim voor skool, gedurende pouse en na skool.

**d. Dagsluiting en verlaat van skoolterrein**

i. Die klok word vyf minute voor die amptelike sluitingstyd van die skool gelui.

ii. In dié tyd word afkondigings gedoen, daar word afgesluit en leerders ruim die klas op, maak die vensters toe, ens.

iii. Leerders mag eers die klas verlaat nadat die klok vir die einde van die skoodag gelui het.

iv. Leerders moet die skoolterrein so spoedig moontlik na afloop van die skooldag of 'n skoolaktiwiteit verlaat. Leerders moet die skoolterrein na afloop van die skooldag op die laatste om 14:30 verlaat (uitgesluit leerders wat by amptelike askoolse aktiwiteite op die terrein betrokke is).

v. Ouers moet leerders so spoedig moontlik na afloop van 'n skoolaktiwiteit afhaal en wel binne 'n halfuur na afloop van die aktiwiteit. Dit sluit in die oplaai van leerders wat deur middel van skoolvervoer by die skool arriveer, byvoorbeeld per bus vanaf 'n sportgeleentheid elders.

vi. Graad R- tot 2-leerders moet na skool by die wagklas (perseel soos gereël) wees en mag nie elders op die terrein wees nie.

**8.29 Akademiese vordering**

a. Ouers word versoek om gereeld hul kinders se boeke deur te blaai en te verseker dat werk afgehandel is.

b. Ouers word versoek om skrifte/werkboeke, assesserings en enige ander werk soos deur die onderwyser gevra, te onderteken.

c. Die beoogde klas- en huiswerk vir 'n gegewe tydperk word op die Werkskedules aangedui wat deur die skool se elektroniese platform (bv. D6 Connect) gekommunikeer word.

d. Ondersteunende bronne (bv. memoranda, lesopnames, ens.) kan ook deur die onderwyser beskikbaar gestel word deur 'n elektroniese platform (bv. Google Classroom).

e. Huiswerk kan die volgende insluit: skriftelike take, navorsing, projekte, praatjies, groepwerk, voltooiing van uitstaande werk, hersiening, leer vir assesserings en die instandhouding van werkboeke.

f. Leerders moet hul huiswerk getrou neerskryf in die huiswerkboekie. Ouers word versoek om die huiswerkboekie te kontroleer.

**8.30 Afwesigheid (Verwys ook na Bylaag B – Vorms vir leerderafwesigheid)**

a. Die leerderafwesigheidsbeleid is geskoei op die *Beleid oor Leerderafwesigheid in terme van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996.* Ouers word versoek om hulself te vergewis van die beleid. Die onderstaande is uittreksels uit die genoemde beleid.

b. Skoolinskrywing verplig 'n leerder om stiptelik en gereeld skool by te woon, tensy daar 'n geldige rede vir afwesigheid is (soos beoog in paragraaf 13 van die *Beleid oor Leerderafwesigheid in terme van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996*).

c. 'n Ouer moet toesien dat die leerder skool daagliks, betyds en vir die volle skooldag bywoon; tensy daar 'n geldige rede vir afwesigheid bestaan.

d. 'n Ouer moet toesien dat die leerder nie sonder 'n geldige rede uit die skool gehaal word nie. Gesinsvakansies is nie 'n geldige rede nie.

e. Leerderafwesigheid het 'n negatiewe impak op 'n leerder se skoolwerk en moet in die belang van die leerder tot die minimum beperk word

f. Die skool moet amptelik kennis neem van alle afwesighede.

g. Op die dag dat 'n leerder onvoorsiens afwesig is (bv. weens siekte oornag), moet die ouer die registeronderwyser teen 08:00 in kennis stel deur middel van 'n e-pos aan die onderwyser (verkieslik) of 'n oproep of e-pos aan die kantoor: (012) 654 3350 of haneliev@wierdas.co.za

h. Indien 'n leerder:

  i. vir minder as 3 dae onvoorsiens afwesig was, moet die leerder op die eerste dag terug by die skool vir die registeronderwyser 'n brief gee waarin die ouers die besonderhede van die afwesigheid uiteensit;

  ii. vir 3 dae of langer onvoorsiens weens siekte afwesig was, moet die leerder op die eerste dag terug by die skool vir die registeronderwyser 'n doktersbrief gee;

  iii. vir 3 dae of langer onvoorsiens weens 'n ander rede as siekte afwesig was, moet die leerder op die eerste dag terug by die skool vir die registeronderwyser 'n brief gee waarin die ouers die besonderhede van die afwesigheid uiteensit;

  iv. tydens 'n assessering onvoorsiens afwesig was, moet die leerder op die eerste dag terug by die skool die nodige dokumente (soos hierbo uiteengesit) ingee. Dit is ook die leerder se verantwoordelikheid om binne 2 dae na terugkeer skool toe 'n reëling met die betrokke onderwyser te tref om die agterstallige assessering in te haal. Indien die leerder versuim om die assessering in te haal, mag 'n 0 vir die opdrag toegeken word; en

  v. tydens 'n assessering voorsienbaar afwesig gaan wees (bv. weens 'n operasie, reis, sport, eksterne eksamen, ens.), moet die leerder self voor die tyd reël dat die [a]vereiste opdragte op 'n tyd, soos met die onderwyser ooreengekom, ingegee word. Indien die assessering 'n toets of eksamen behels, moet die leerder voor die tyd met die onderwyser reël om die toets of eksamen op 'n tyd, soos met die

onderwyser ooreengekom, in te haal. Indien die leerder versuim om die assessering in te haal, mag 'n 0 vir die opdrag toegeken word.

i. Afsprake (bv. tandarts en dokter) moet, buiten vir noodgevalle, vir ná skool gereël word.

j. Indien 'n toetsreeks of eksamen voor die einde van die kwartaal verby is, moet leerders steeds tot aan die einde van die kwartaal skool bywoon.

k. Op amptelike toets- en eksamendae gaan klasse gewoon voort en leerders mag nie na die toetsperiode of na afloop van die eksamen by die skool gehaal word nie.

l. Spesiale reëlings kan getref word vir afwesigheid weens buitengewone omstandighede, bv. 'n lang siekbed.

m. Leerlinge mag nie stokkiesdraai (wegbly van die skool sonder 'n geldige) nie. Ouers mag nie hul kinders toestemming gee om sonder 'n geldige rede uit die skool te bly nie. Leerders bring soms hul ouers valslik onder die indruk dat die skool vroeër uitkom as gewoonlik, dat die skool vir die dag gesluit is of dat die leerder die skool tydelik verbied is. Die skool volg die amptelike departementele skoolkalender. Ouers sal ingelig word in die geval van veranderde skooltye en geen kind word die skool verbied sonder 'n proses waarvan die ouers deeglik kennis sal dra nie.

n. Indien 'n ouer vooraf kennis dra dat 'n leerder vir 'n volle skooldag of meer afwesig gaan wees (voorsienbare afwesigheid), moet die prosedure gevolg word soos in Bylaag B uiteengesit. Die nodige vorms word ook vervat in Bylaag B.

o. Slegs ouers of gemagtigde persone mag leerders by die skool kom haal.

p. As 'n leerder gedurende skooltyd gehaal word, moet die persoon wat die leerder kom haal, geldige identifikasie ('n bestuurslisensie of identiteitsdokument) toon.

q. Die persoon se ID-nommer en ander inligting, soos vereis, moet ook in die kantoor se uittekenregister neergeskryf word.

r. Elke leerder wat gedurende skooltyd gehaal word, moet deur 'n gemagtigde persoon in die kantoor se register uitgeteken word, ongeag watter vorm (bv. WP A2 of WP A3) ook ingegee of voltooi word.

s. Die skool mag ter enige tyd versoek dat aanvullende dokumente wat met 'n leerder se afwesigheid verband hou, voorgelê word. Die skool behou die reg voor om die geldigheid van enige dokumente te ondersoek.

t. Onnodige, herhaalde afwesigheid sonder 'n rede kan lei tot 'n ondersoek deur die skool.

u. Indien 'n leerder afwesig is tydens 'n registerperiode sal die ouer per sms in kennis gestel word.

v. Die skoolhoof/'n opvoeder het die reg om navraag te doen na die rede vir afwesigheid, veral na 'n afwesigheid van drie agtereenvolgende dae, indien die skool nie in kennis gestel is van die rede van die afwesigheid nie.

w. Indien 'n leerder nie 'n sportoefening of buitemuurse aktiwiteit kan bywoon nie, word daar van hom/haar verwag om homself/haarself vroegtydig by die betrokke opvoeder te verskoon sodat 'n plaasvervanger in sy/haar plek aangewys kan word.

x. Daar word van leerders word verwag om hulle sport-, kultuur- en ander buitemuurse verantwoordelikhede na te kom.

y. Dit is die plig van elke leerder om enige werk in te haal wat hy/sy tydens afwesigheid gemis het.

**8.31 Skooldrag en Voorkoms** (Verwys ook na Bylaag C van die Leerdergedragskode)

a. Elke leerder sal sorg dat hy/sy te alle tye en afhangende van die skoolaktiwiteit korrek geklee is vir die geleentheid en netjies en skoon is

b. Elke leerder sal sorg dra dat hy of sy aan die vereistes voldoen wat betref voorkoms en die dra van bykomstighede.

**8.32 Verbode Middels**

a. Die inname, gebruik, besit van, verberging, versteking en/of verspreiding, van die hand sit, ten toon stel en/of wys van verbode middels deur enige leerder aan enige ander leerder of persoon op die skoolterrein of tydens enige ander skoolaktiwiteit, tydens amptelike skoolure of in enige skool goedgekeurde vervoermiddel verbied.

b. Verbode middels sluit in, maar is nie net beperk tot tabakprodukte, alkoholiese produkte en -vloeistowwe, anaboliese steroiede, gevaarlike beheerde medikasie en ander middels soos omskryf deur die wette van die land.

c. Alle leerders van die skool sal aan hierdie voorskrif voldoen.

**8.33 Selfone en ander elektroniese/digitale apparate**

a. Die gebruik van inligting-, digitale- en kommunikasietegnologieë, d.w.s. digitale en elektroniese toestelle word beheer/gereguleer deur die skoolhoof en/of sy/haar gemagtigde.

b. Die gebruik van sodanige toestelle op die skoolterrein (tydens en buite skoolure) of tydens skoolaktiwiteite wat op die skoolterrein, op skoolvervoer of elders plaasvind, is verbode.

c. Selfone en ander elektroniese/digitale apparate moet die hele tyd buite sig gehou word en moet in sy/haar tas of drasak gebêre wees of toegesluit wees in die sluitkassie.

d. Sodanige toestelle sluit in (maar is nie beperk nie tot):

i. Selfone

ii. Tablette

iii. Draagbare elektroniese toestelle soos slimhorlosies;

iv. Opnametoestelle van enige aard, insluitend kopmonteerbare toestelle (kopstukke vir video-opnames) en lyfkameras ("body cams")

v. Skootrekenaars

vi. Draagbare mediaspelers

vii. Oorfone van enige aard

viii. Digitale speelapparaat wat vir enige rekenaar/video/digitale speletjies gebruik
ix. kan word of om mee te musiel te speel.
x. Enige doef-doef tasse ("boomboxes")
xi. Mikrofone vir opnames
xii. VR-kopstukke en ander sodanige toerusting

e. Dit is leerders se verantwoordelikheid om toe te sien dat selfone of enige toestelle soos onder (d) genoem wat in hulle besit is of aan hulle toevertrou is, afgeskakel en buite sig is vir die duur van hulle teenwoordigheid op die skoolterrein of tydens skoolaktiwiteite wat nie op die skooolterrein plaasvind nie.

f. Kommunikasie (bv. oproepe of teksboodskappe) mag slegs in noodgevalle en met die uitdruklike toestemming en onder die toesig van 'n onderwyser gemaak word.

g. Leerders en ouers moet pertinent daarop let dat, sodra 'n leerder met 'n selfoon of ander elektroniese/digitale apparaat die skoolterrein betree, hy/sy uitdruklik enige reg op privaatheid prysgee met betrekking tot enige inhoud of enigiets wat hy/sy skep, stoor, stuur of op enige wyse kommunikeer of ontvang.

h. Die Skoolbeheerliggaam en die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies van enige aard (bv. diefstal of skade) of ongemagtigde inhoud op enige selfoon of ander elektroniese/digitale apparaat wat in enige leerder se besit is of aan hom/haar toevertrou is nie.

i. 'n Leerder mag nie tydens 'n assessering elektroniese kommunikasietoestelle gebruik of aan die persoon hê nie.

j. Indien elektroniese kommunikasietoestelle op die skoolterrein of tydens skoolaktiwiteite (insluitend klastyd) gebruik word of die skoolaktiwiteit op enige manier onderbreek of ontwrig (byvoorbeeld deur te lui), mag die onderwyser die elektroniese kommunikasietoestel vir 'n gegewe tydperk konfiskeer.

k. Geen leerder mag 'n selfoon gebruik om op enige wyse enige, ander leerder of enige personeellid daarmee te intimideer, af te pers, dreig, afdreig, vermaak, vulgêre - en/of onwelvoeglike taal, prent, foto of enige beeldmateriaal aft e neem of enige elektroniese boodskap of enige elektroniese speletjie lui toon, musiek of wat ook al, te vertoon en/of na klankboodskappe of -opnames te laat luister of te speel of enige van die voorafgaande aan ander leerders se selfone en ander elektroniese apparaate aanstuur nie.

l. Indien 'n vermoede bestaan dat 'n leerder ongerymdhede / pornografie/ dade van seksuele teistering (selfs eenmalig) / haatspraak op die selfoon of ander elektroniese/digitale apparaat kyk / stuur, ontvang of ander kuberboelie, het die skool die reg om onmiddellik die selfoon te konfiskeer en die polisie in kennis te stel. Die skool behou die reg voor om, in die beste belang van alle leerders van die skool, 'n leerder se selfone te deursoek indien daar 'n vermoede van ongerymdhede / pornografiebestaan.

**8.34 Sosiale media**

a. Alle leerders, net soos enige ander persoon, is verbonde aan die wet op die gebruik van openbare elketroniese sosiale platforms en -forums.

b. Leerders mag nie enige persoon, aktiwiteit of die skool op 'n openbare sosiale platform of enige persoon verbind aan die skool, inkrimineer nie. Hierdie openbare sosiale platforms sluit in alle sosiale netwerke soos Facebook, Twitter, Instagram, WeChat, Snapchat, Wattsapp, SMS'e, epos, Youtube en enige ander soortgelyke webblaaie en elektroniese kommunikasieplatforms.

c. Leerders kan vervolg word as hulle enige negatiewe, afbrekende of inkriminerende aantygings, visuele beelde, klankopnames, boodskappe en/of tekste en beelde op hierdie netwerke plaas en/of versprei na enige persone deur middel van enige elektroniese digitale toestelle/ selfoon en/of ander elektroniese toestelle.

d. Leerders mag geen persoon opneem in enige digitale formaat op die skoolterrein en/of in die klaskamer en/of enige skoolaktiwiteit en/of dit op enige sosiale platform plaas nie.

**8.35 Identifisering van 'n leerder**

a. Geen leerder mag weier om homself/haarself te identifiseer op versoek van die skoolhoof, 'n onderwyser, 'n lid van die Skoolbeheerliggaam en/of 'n lid van die personeel nie.

**8.36 Oortredings wat nie spesifiek omskryf is nie**

b. Die Skoolbeheerliggaam en/of die skoolhoof en/of sy/haar gemagtigde behou die reg voor om dissiplinêre stappe teen enige leerder te neem waar die oortreding nie spesifiek in die gedragkode genoem word nie en wat die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omvêrwerp.

## 9. DISSIPLINêRE PROSEDURES

**9.1 Voorlopige ondersoek**

Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik 'n ernstige oortreding begaan het, kan die skoolhoof 'n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of 'n dissiplinêre verhoor nodig is.

**9.2 Verhoor**

9.2.1 Die ondersoekbeampte stel 'n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

9.2.2 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

9.2.3 Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

9.2.4 Die Beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die Beheerliggaam wees of 'n bevoegde persoon wat deur die Beheerliggaam vir dié doel aangewys is. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die Beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die Beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die Beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof. Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die Beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

9.2.5 Die leerder moet deur sy/haar ouer of 'n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldige leerder bywoon nie.

9.2.6 Wanneer 'n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

9.2.7 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7) – (9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. 'n Persoon wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

9.2.8 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die Beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

9.2.10 Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

9.2.11 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

9.2.12 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

9.2.13 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

9.2.14 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg 'n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

**9.3 Uitspraak en strafmaatreëls**

9.3.1 In geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.

9.3.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die Beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die Leerdergedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word.

**9.4 Algemene bepalings**

Die Beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die Beheerliggaam 'n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

## 10. MERIETE- EN DEMERIETESTELSEL

**10.1 Algemeen**

10.1.1 Die skool gebruik 'n stelsel van merietes en demerietes as deel van die rekordhouding rakende 'n leerder se vordering en gedrag.

10.1.2 Ouers word deurlopend op hoogte gehou van hul kinders se stand van merietes en demerietes. Ouers ontvang 'n sms wanneer 'n demeriete van -2 (na diskresie van die onderwyser) of meer toegeken word. 'n Verslag van merietes en demerietes word kwartaalliks huis toe gestuur.

10.1.3 Beloning (merietes) en straf (demerietes) word toegedeel volgens 'n leerder se puntestand.

10.1.4 Direkte detensie (-15) vir oortredings van ernstiger aard word toegeken deur die skool se hoof of dissiplinehoof en slegs na gesprek met die ouer.

10.1.5 Die puntetoekenning vir items van meriete of demeriete, sowel as die gepaardgaande belonings- of strafmaatreëls, word ten minste jaarliks hersien ten einde relevant te bly.

10.1.6 Merietes en demerietes kanselleer mekaar nie uit nie.

10.1.7 Aan die begin van die skooljaar word elke leerder se stand van merietes en demerietes na 0 herstel.

**10.2 Belonings**

10.2.1 Belonings vir merietes word per geleentheid (bv. tydens saalopening) oorhandig.

| | |
|---|---|
| 30 punte – bronsbalkie | 60 punte – silwerbalkie |
| 90 punte – goue balkie | 120 punte – platinumbalkie |

10.2.2 'n Trofee mag, na goeddunke van skoolbestuur en die relevante komitee(s) jaarliks toegeken word aan die leerder wat deur die jaar die meeste merietes behaal het.

**10.3 Detensie**

10.3.1 Met -15 punte word die leerder op die detensielys geplaas. Detensieklasse vind op geskeduleerde datums plaas en is op 'n Vrydag vanaf 13:30 tot 15:30, tensy anders gereël.

10.3.2 Die leerder ontvang 'n brief, wat aan die ouers gegee moet word, met die besonderhede van die detensieklas. Die getekende terugvoerstrokie moet op die volgende skooldag voor 08:00 by die dissiplinehoof ingegee word. Versuim om die terugvoerstrokie betyds in te gee, word in 'n ernstige lig beskou.

10.3.3 Leerders wat teen die Woensdag 'n 15e demeriete ontvang, sal op die Vrydag van dieselfde week detensie sit indien detensie vir daardie week geskeduleer is.

10.3.4 'n Onmiddellike detensie (-15 punte) vind plaas op die eerste geskeduleerde detensie.

10.3.5 GEEN leerder sal verskoon word van detensie nie. In uitsonderlike gevalle mag die skool besluit dat 'n leerder se detensieklas verskuif na 'n volgende detensiegeleentheid. Dié besluit berus by die hoof en dissiplinehoof en sal geneem word ná gesprek met die ouers en slegs indien die skool die rede as geldig beskou. Ouers wat vir die naweek wil Diss, word nie as 'n geldige rede beskou nie.

10.3.6 Na die detensieklas word -15 punte teen die leerling se rekord gekanselleer deur 'n inskrywing van +15.

10.3.7 Tydens detensie word leerlinge uitskryfwerk gegee, soos die skoolreëls en dissiplinestelsel. Detensieklas is nie 'n aanvullende akademiese klas nie en leerlinge word dus nie toegelaat om huiswerk te doen, te leer of akademiese notas uit te skryf nie.

## 11. BEWARING EN BEKENDSTELLING VAN DIE LEERDERGEDRAGSKODE

11.1 Een afskrif van die Leerdergedragskode moet te alle tye by die kantoor beskikbaar wees waar dit ter insae aan leerders, opvoeders en ouers beskikbaar gestel kan word.

11.2 Die oorspronklike kopie wat deur die voorsitter onderteken is, moet in die kluis bewaar word en 'n gewaarmerkte afskrif by die skool se regsverteenwoordiger.

11.3 Afskrifte kan teen 'n vasgestelde tarief aan ouers en leerders beskikbaar gestel word en 'n verkorte weergawe van die belangrikste reëls en maatreëls kan in die leerders se huiswerkboeke gepubliseer word.

## 12. INTERPRETASIE

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van enige deel van hierdie Leerdergedragskode, sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van twee derdes van die stemgeregtigde lede van die Skoolbeheerliggaam.

## 13. WYSIGING

Die Leerdergedragskode moet deur die Skoolbeheerliggaam aangepas / aangevul / gewysig word na gelang van veranderde omstandighede.

## 14. KORT TITEL EN AANVANGSDATUM

| | |
|---|---|
| Kort Titel | Leerdergedragskode |
| Aanvangsdatum | 1 Julie 2024 |
| Geldigheidsduur | 16 November 2016 |

## 15. BYLAE

BYLAAG A – Vlakke van oortreding
BYLAAG B – Vorms vir leerderafwesigheid
BYLAAG C – Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag
BYLAAG D – Wangedragprosedure
BYLAAG E – Appélprosedure

**BYLAAG A – VLAKKE VAN OORTREDING**

**VLAK 1 OORTREDINGS**

| **VLAK 1** | | | |
|---|---|---|---|
| **1.1 ADMINISTRATIEF** | | | |
| **Nr.** | **Oortreding** | **Sanksie** | **Punte** |
| 1.1.1 | Vorm nie ingegee nie | Demerietes | -1 |
| 1.1.2 | Dissipline terugvoerstrokies nie betyds ingegee nie | Demerietes | -1 of -2 |
| **1.2 AKADEMIE** | | | |
| **Nr.** | **Oortreding** | **Sanksie** | **Punte** |
| 1.2.1 | Boek nie by die skool nie | Demerietes | -1 |
| 1.2.2 | Boek/Lêer/Toets nie ingegee nie | Demerietes | -1 |
| 1.2.3 | (Huis)werk half gedoen | Demerietes | -1 |
| 1.2.4 | (Huis)werk nie gedoen nie | Demerietes | -2 |
| 1.2.5 | Dokument/Boek/Assessering nie deur ouer onderteken nie | Demerietes | -1 |
| **1.3 GEDRAG** | | | |
| **Nr.** | **Oortreding** | **Sanksie** | **Punte** |
| 1.3.1 | Skooldrag/kleredrag/voorkoms nie volgens die reëls nie | Demerietes<br>Ontoelaatbare items (bv. juwele) kan gekonfiskeer word en moet deur die ouer afgehaal word.<br>Hare en voorkoms moet binne twee dae reggestel wees. | -1 |
| 1.3.21 | MBK-klere nie by die skool nie/nie gedra tydens MBK-periode nie | Demerietes | -1 |
| 1.3.3 | Laat vir skool of klas | Demerietes | -1 |
| 1.3.41 | Versuim om te werk in die klas | Demerietes | -1 |
| 1.3.5 | Afwesigheid van skoolaktiwiteit sonder kennisgewing | Demerietes | -1 |
| 1.3.61 | Laat area onnet agter | Demerietes | -1 |
| 1.3.7 | Beweeg binne verbode terrein | Demerietes | -1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3.81 | Versuim om detensie by te woon | 1e oortreding: demerietes<br>2e oortreding: Dissiplinêre gesprek<br>3e oortreding: Dissiplinêre verhoor | -6 |
| 1.3.9 | Wangedrag tydens detensie | Herhaal detensie | -15 |
| 1.3.10 | Klasontwrigting (minder ernstig). | Demerietes | -1 |
| 1.3.11 | Onwelvoeglikheid (bv. gebruik van onvanpaste materiaal om boeke oor te trek, geskrewe notas, ens. | 1e oortreding: Demerietes<br>2e oortreding: Detensie | -3 |
| 1.3.12 | Oortreding van reëls t.o.v. selfone en ander elektroniese/digitale apparate | Konfiskeer van apparaat<br>Demerietes (minder ernstig)<br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | -2 |
| 1.3.13 | Swak gedrag tydens saalbyeenkoms/wanneer toegespreek word/tydens instappie | Demerietes | -1<br>-2 |
| 1.3.14 | Verlaat klas/lokaal sonder toestemming | Demerietes | -1<br>-2 |
| 1.3.15 | Leuens vertel | Demerietes | -1<br>-2 |
| 1.3.16 | Kougom kou | Demerietes | -1 |
| 1.3.17<br>1 | Swak taalgebruik/vloek op skoolterrein of tydens skoolaktiwiteit nie op die skoolterrein nie | Demerietes | -1<br>-2 |
| 1.3.18 | Wegsteek van ander se eiendom | Demerietes | -1<br>-2 |
| 1.3.19 | Huiswerk afskryf | Demerietes | -1<br>-2 |

**VLAK 2 OORTREDINGS**

| **Nr.** | **Oortreding** | **Sanksie** | **Punte** |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Vandalisme/Grafitti | Detensie<br>Leerder/leerder se ouer(s) is verantwoordelik vir herstel/vervanging van | |

| Nr. | Oortreding | Sanksie | Punte |
|---|---|---|---|
| | | beskadigde oppervlak/ /item en/of die onkoste daaraan verbonde | |
| 2.2 | Gooi ander leerders met voorwerpe | Demerietes<br>Detensie<br>In geval van beserings verander in kategorie 4 oortreding vir dissiplinêre verhoor | -2/-3 |
| 2.3 | Hantering van / gebruik van ander persone se eiendom sonder hulle toestemming | Demerietes<br>Detensie | -2/-3 |
| 2.4 | Beskadiging van ander se eiendom na gebruik sonder toestemming | Herstel/vervang/betaal koste om te vervang<br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 2.5 | Bedrog: verandering / teken / voorbereiding van dokumentasie /briewe namens ander persone / ouers | Demerietes<br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | -2/-3 |
| 2.6 | Intimidasie van leerders om hulle te beseer of verbaal te boelie | Demerietes<br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | -2/-3 |
| 2.7 | Leuens, vloektaal | Demerietes<br>Detensie | -2 |
| 2.8 | Disrespek teenoor medeleerders en volwassenes | Demerietes<br>Detensie | -2 |
| 2.9 | Bakleiery – minder ernstig | Demerietes<br>Detensie | -2/-3 |
| 2.10 | Bakleiery – ernstig – senior leerders | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 2.11 | Openbare wanonderlikheid en onwelvoeglike gedrag - binne en buite skool (minder ernstig)<br>Ernstiger voorvalle | Detensie<br><br><br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 2.12 | Selfoongebruik op die skoolterrein | Demerietes<br>Detensie | -2 |

| Nr. | Oortreding | Sanksie | Punte |
|---|---|---|---|
| | | Dissiplinêre verhoor | |
| 2.13 | Oneerlikheid, poging tot oneerlikheid in enige assesseringsessie. Dit is kommunikasie (verbaal of nie-verbaal, skriftelik) | "0" word vir die taak toegeken.<br>Ouers moet in kennis gestel word.<br>Indien daar nie "0" toegeken kan word nie, detensie en taak oordoen. Voeg by skriftelike waarskuwing (oneerlikheid taak), onderteken deur leerder en opvoeder. | |
| 2.14 | Plagiaat | "0" vir taak<br>Indien "0" nie gegee kan word nie: detensie en taak oordoen | |
| 2.15 | Stokkiesdraai: 1 periode<br>Stokkiesdraai: verlaat skool<br>Stokkiesdraai: nie by die skool nie | Detensie<br>Detensie<br>Detensie | |
| 2.16 | Verlaat skoolterrein sonder toestemming | Detensie | |
| 2.17 | Besit of gebruik van klappers/vuurwerke | Detensie | |
| 2.18 | Peuter aan skool se veiligheidstoerusting (bv. kameras, brandblussers, alarms) | Leerder/leerder se ouer(s) is verantwoordelik vir herstel/vervanging van beskadigde oppervlak/ /item en/of die onkoste daaraan verbonde<br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 2.19 | Spoeg na ander | Detensie<br>Dissiplinêre gesprek | |
| 2.20 | Besit van verbode voorwerp | Konfiskering<br>Detensie | |
| 2.21 | Neem van foto's/video's/klankopnames, ens (op selfone, ens) en/of verspreiding van materiaal | Detensie<br>Konfiskering van toestel (bv. selfoon)<br>Aflaai van materiaal/opname op skool se stelsel en uitwis op | |

| Nr. | Oortreding | Sanksie | Punte |
|---|---|---|---|
| | | leerder se toestel<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 2.22 | Toeskouer by rook<br>In besit van rookmateriaal op die skoolterrein / tydens skoolaktiwiteite op die skoolterrein of elders / waar leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word / in die openbaar<br>Gebruik van rookmateriaal op die skoolterrein / tydens skoolaktiwiteite op die skoolterrein of elders / waar leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word / in die openbaar | Detensie<br>Konfiskering van rookmateriaal (word vernietig<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 2.23 | Gevaarlike speletjies insluitende balspele en ander gevaarlike voorwerpe | Detensie<br>Konfiskering | |
| 2.24 | Moedswillige en/of herhaalde oortreding van vlak 1-oortredings | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |

**VLAK 3 OORTREDINGS**

| Nr. | Oortreding | Sanksie | Punte |
|---|---|---|---|
| 3.1 | In besit van wapens/gevaarlike voorwerpe wat tot besering van andere kan lei. | Neem voorwerp af - leerder kry dit nie terug nie.<br>Detensie. | -15 |
| 3.2 | Steek van ander leerder met 'n passer, kopspeld, pen/potlood of ander skerp voorwerp | Neem voorwerp af - leerder kry dit nie terug nie.<br>Detensie. | -15 |
| 3.3 | Skend die waardigheid van 'n ander persoon deur opmerkings, insluitend geslagsgebaseer of rassisties van aard | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.4 | Minagting van sanksie/<br>Versuim om sanksie na te kom | Waarskuwing<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.5 | Betree skoolterrein onder invloed van alkohol of dwelmmiddels/ander middels | Toetsing<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.6 | Besit/vertoon/duplisering van pornografiese materiaal | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.7 | Rassisme | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.8 | Aanranding: met doel om ernstig te beseer | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoot<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.9 | Gedrag wat skool in oneer bring | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.10 | Openbare onsedelikheid/immorele gedrag | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.11 | Verhindering van opvoeders om hulle werk te doen en van leerders om onderrig te ontvang | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.12 | Moedswillige en/of herhaalde oortreding van vlak 2-oortredings | Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 3.13 | Woon nie intervensie -/ gedragsontwikkelingsprogram by soos opgedra deur die skool by nie. | Dissiplinêre verhoor | |

**VLAK 4 OORTREDINGS**

| Nr. | Oortreding | Sanksie | Punte |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Gebruik/In besit wees van wapens/gevaarlike voorwerpe wat tot ernstige besering en/of selfs dood van ander kan lei | Konfiskeer van wapen/gevaarlike voorwerp - leerder kry dit nie terug nie.<br>Skorsing tot dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.2 | In besit/Gebruik/Onder die invloed wees van alkohol of bedwelmende middels/ander onwettige of verbode middels/medisyne | Toetsing<br>Skorsing tot dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.3 | Diefstal, inbraak, betreding sonder toestemming | Detensie (minimum)<br>Dissiplinêre verhoor<br>Uitsetting (maksimum) | |
| 4.4 | Kwaadwillige saakbeskadiging van die skool, opvoeders en leerders se eiendom | Leerder/leerder se ouer(s) is verantwoordelik vir herstel/vervanging van beskadigde oppervlak/ /item en/of die onkoste daaraan verbonde<br>Detensie<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.5 | Oortredings van seksuele aard (betasting, teistering, vryery, geslagsgemeenskap) | Detensie<br>Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.6 | Enige oortreding strafbaar onder gemenereg | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.7 | Kuberboelie | Detensie<br>Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.8 | Boelie, teistering en/of intimidasie van enige aard insluitend seksueel, emosioneel, aantasting van menswaardigheid. | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |

| Nr. | Oortreding | Sanksie | Punte |
|---|---|---|---|
| 4.9 | Godslastering/Satanisme/"Toordery" | Detensie.<br>Dissiplinêre verhoor indien van ernstige aard wat ander se menswaardigheid aantas of lei tot intimidasie en/of teistering | |
| 4.10 | Bakleiery (fisiese geweld en aanranding om doelbewuste beserings te veroorsaak) | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.11 | Moedswillige en/of herhaalde oortreding van vlak 3-oortredings | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.12 | Vloek van opvoeder / kru taal / opstandigheid | Detensie<br>Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.13 | Herhaalde oortredings waarvan oneerlikheid 'n element is. | Dissiplinêre verhoor | |
| 4.14 | Diskriminasie, haatspraak, rassisme | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |
| 4.15 | Moedswillige en/of herhaalde oortreding van vlak 3-oortredings | Skorsing in afwagting van dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor | |

**ANDER SANKSIES / TUGSTAPPE WAT INGEVOLGE KENNISGEWING 6903 SOOS GEWYSIG VIR SKEDULE 1 EN 2 OORTREDINGS TOEGEPAS KAN WORD EN VIR VLAK1 - 4 OORTREDINGS VAN DIE LEERDERGEDRAGSKODE EN SKOOLREËLS:**

| |
|---|
| Inlees van demerietes op die dissiplinestelsel |
| Ouers word in kennis gestel – per telefoon, brief, sms of ander elektroniese platform (bv. WhatsApp/d6 Connect) of in persoon |
| Oueronderhoud waar nodig. Leerder moet ook die onderhoud bywoon waar vereis |
| Berading van leerder |
| Deurloping van nieregerings- en/of regeringsorganisasieprogram |
| Detensie vir tot 10 uur / Gemeenskapsdiens |
| Swartsakdiens / terreindiens vir 1 kwartaal |
| Skriftelike waarskuwing |

| |
|---|
| Verwysing na afsonderinga tydens skooltyd, bv. pousetoesig, eenkant gehou van klas |
| Ontneming van voorregte soos: toere, spandeelname, bywoon van funksies /aktiwiteite, eksamenverlof, ens. |
| Ontneming van kleuretoekennings (merietefunksies) of verkose posisie soos Leierraad, ens. Tydelik of permanent van aard. |
| Oneerlikheid (akademies): interne ondersoek of verwysing na SAIC indien van toepassingr |
| Skoolbeheerliggaam en GDO (waar van toepassing) word in kennis gestel<br>Kan lei tot tydelike skorsing (verbod op leerder se bywoning van 'n skool i.t.v relevante wetgewing). Kan lei tot uitsetting uit die skool - permanente verbod op leerder se bywoning van die skool waarby hy/sy ingeskryf was, deur die Departementshoof, nadat die proses i.t.v. die relevante wetgewing gevolg is. |
| Dissiplinêre aksie word geneem kragtens Kennisgewing 6903 van 2000 en Algemene kennisgewing 2591 van 2001. Dit behels 'n volledige verhoor met getuienis en verslae wat gereël word soos omskryf in die Provinsiale Gazette No 144 van 2000. (Verwys ook na riglyn dokument "Alternatives to Corporal Punishment van 5 Okt. 2000 deur die GDE). |
| Ander sanksies eiesoorting aan die oortreding. |

## BYLAAG B: VORMS VIR LEERDERAFWESIGHEID

### 1. Algemeen

1.1 'n Leerder wat by die skool gehaal word, moet by die kantoor wag (bv. in die geval van ongesteldheid) of in die klas bly totdat hy/sy deur die kantoor geroep word.

1.2 Slegs ouers of gemagtigde persone mag leerders gedurende skooltyd by die skool kom haal.

1.3 Elke leerder wat gedurende skooltyd gehaal word, moet deur 'n gemagtigde persoon in die kantoor se register uitgeteken word, ongeag watter vorm (bv. WP A2 of WP A3) ook ingegee of voltooi word.

1.4 Die persoon wat die leerder kom haal, moet die nodige vorms voltooi soos deur die skool versoek (bv. WP A3) alvorens die leerder die terrein mag verlaat. In die geval van voorsienbare afwesigheid moet vorm WP A2 by die sekretaresse ingegee word alvorens die leerder die terrein mag verlaat.

1.5 Die persoon wat die leerder kom haal, moet geldige identifikasie ('n bestuurslisensie of identiteitsdokument) toon. Die persoon se ID-nommer en ander inligting, soos vereis, moet ook in die kantoor se uittekenregister neergeskryf word.

### 2. KENNIS VAN LEERDERAFWESIGHEID VIR 'N DAG OF MEER: Vorm WP A1

2.1 Hierdie prosedure word gevolg indien 'n ouer vooraf weet dat 'n leerder kind afwesig gaan wees, byvoorbeeld vir 'n familie-aangeleentheid soos begrafnis.

2.2 Die prosedure word NIE gevolg indien 'n leerder gedurende skoolure afwesig gaan wees weens 'n aktiwiteit wat deur die skool self gereël is nie, byvoorbeeld sport- en kultuurgeleenthede.

2.3 Indien 'n leerder vir 'n dag of meer afwesig gaan wees, moet die volgende prosedure gevolg word:

2.3.1 Vorm WP A1 (*Kennis van leerderafwesigheid*) word deur die ouer voltooi en ten minste een skooldag voor die tyd aan die graad se departementshoof voorgelê vir ondertekening. Die vorm is verkrygbaar by die graadhoof of op d6 Connect.

2.3.2 Vorms moet in hardekopie en nie per e-pos of faks gestuur word nie.

2.3.3 Die departementshoof onderteken eers die vorm. Indien die graad se departementshoof nie beskikbaar is nie, onderteken 'n ander graad se departementshoof die vorm.

2.3.4 Die leerder neem die vorm vir ondertekening eers na die graadhoof en dan na al die onderwysers wie se klasse geraak word.

2.3.5 Die leerder moet die vorm by die registeronderwyser of graadhoof ingee sodra die nodige ondertekening gedoen is.

### 3. KENNIS DAT LEERDER VIR 'N GEDEELTE VAN DIE SKOOLDAG AFWESIG GAAN WEES: Vorm WP A2

3.1 Hierdie prosedure word gevolg indien 'n ouer vooraf weet dat sy/haar kind vroeër by die skool gehaal of later skool toe gebring moet word, byvoorbeeld weens 'n musiekeksamen.

3.2 Die prosedure word NIE gevolg indien 'n leerder gedurende skoolure die terrein verlaat weens 'n aktiwiteit wat deur die skool gereël is nie, byvoorbeeld sportspanne wat vroeg vertrek, ensovoorts.

3.3 Indien 'n leerder vir 'n gedeelte van die dag afwesig gaan wees, moet die volgende prosedure gevolg word:

3.3.1 Vorm WP A2 (*Kennis dat leerder vir 'n gedeelte van die skooldag afwesig gaan wees*) word eers deur die ouer voltooi en onderteken en <u>ten minste een skooldag voor die datum van afwesigheid</u> aan die graad se departementshoof voorgelê vir ondertekening. Die vorm is verkrygbaar by die graadhoof of op die Communicator. **Vorms moet as hardekopie en nie per e-pos of faks gestuur word nie.**

3.3.2 Die departementshoof onderteken eers die vorm. Indien die graad se departementshoof nie beskikbaar is nie, onderteken 'n ander graad se departementshoof die vorm.

3.3.3 Die leerder neem die vorm vir ondertekening na die graadhoof en al die onderwysers wie se klasse geraak word.

3.3.4 Indien die leerder later gaan skool toe kom, word die vorm na ondertekening ten minste een dag voor die dag van afwesigheid vir die klasonderwyser gegee.

3.3.5 Die onderwyser in wie se klas die leerling is wanneer hy/sy geroep word, sal die leerder uit die klas verskoon slegs indien vorm WP A2 getoon word.

3.3.6 Die leerder gee die vorm by die sekretaresse in alvorens die leerling uitgeteken mag word.

## 4. KENNIS DAT LEERDER TERREIN GEDURENDE SKOOLURE VERLAAT WEENS ONGESTELDHEID BY DIE SKOOL: Vorm WP A3

4.1 Vorm WP A3 word <u>NIE vooraf deur die ouer voltooi nie</u>. Hierdie prosedure word gevolg indien 'n leerder tydens skoolure siek word en die ouer gekontak word om hom/haar by die skool te kom haal. Die vorm word nie voltooi as 'n leerder tuis gebly het weens siekte nie – daarvoor word 'n brief (minder as 3 skooldae) of doktersbrief (3 of meer skooldae) vereis.

4.2 Die leerder meld by die graadhoof aan, wat die erns van die situasie vasstel.

4.3 Die graadhoof voltooi vorm WP A3 (*Kennis dat leerder terrein gedurende skoolure verlaat weens ongesteldheid by die skool*) gedeeltelik.

4.4 Die leerder neem vorm WP A3 na die sekretaresse, wat die ouers of relevante persoon in kennis stel dat die leerder gehaal kan word.

4.5 Die sekretaresse voltooi die vorm verder soos vereis.

4.6 Die persoon wat die leerder kom haal, onderteken die vorm en vul sy/haar ID-nommer op die vorm in.

